

2018

Beurse en Lenings



Finansiële ondersteuning vir
voorgraadse en nagraadse studente

JAARBOEK DEEL 2



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

Kontak die Beurse- en Leningskantoor

Tel.:	(2721) 808 9111
Faks:	(2721) 808 2954
E-pos:	info@sun.ac.za
Webwerf:	www.maties.com
Posadres:	Die Registrateur Universiteit Stellenbosch Privaat Sak X1 MATIELAND 7602

Besoek ons in Admin A, K 2063; Maandag tot Vrydag van 08:00-16:30.

Akkuraatheid, aanspreeklikheid en veranderings

- Die Universiteit Stellenbosch het alle redelike stappe geneem om te verseker dat die inligting in die Jaarboekdele so akkuraat en volledig as moontlik aangebied word.
- Neem egter kennis die Universiteit se Raad en Senaat aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige foutiewe inligting in die Jaarboekdele se inhoud nie.
- Die Universiteit behou die reg voor om enige tyd inligting in die Jaarboekdele te verander indien nodig.

Die verdeling van die Jaarboek

- Die Jaarboek is in 13 dele verdeel.
- Deel 1, 2 en 3 van die Jaarboek bevat algemene inligting wat op alle studente van toepassing is. Maak seker jy verstaan alle bepalings in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek wat op jou van toepassing is.
- Deel 4 tot 13 van die Jaarboek is die Fakulteitsjaarboekdele.

Deel	Jaarboekdeel
Deel 1	Algemeen
Deel 2	Beurse en Lenings
Deel 3	Studentegelde
Deel 4	Lettere en Sosiale Wetenskappe
Deel 5	Natuurwetenskappe
Deel 6	Opvoedkunde
Deel 7	AgriWetenskappe
Deel 8	Regsgeleerdheid
Deel 9	Teologie
Deel 10	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Deel 11	Ingenieurswese
Deel 12	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Deel 13	Krygskunde (Slegs in Engels beskikbaar)

Beskikbaarheid van die Jaarboekdele

- Die gedrukte weergawes van die Jaarboekdele is beskikbaar by die Universiteit se Inligtingstoonbank in die Admin A-gebou.
- Die elektroniese weergawes van die Jaarboekdele is beskikbaar by www.sun.ac.za/Jaarboek
- Daar is Afrikaanse (Deel 1 tot 12) en Engelse kopieë beskikbaar.

INHOUDSOPGawe

ALGEMENE INLIGTING	1
Taalbeleid en -plan	1
Inklusiwiteit	1
Kommunikasie met die Universiteit	1
Belangrike terme	2
FINANSIELLE ONDERSTEUNING	3
1. Wie kwalifiseer vir finansiële ondersteuning?	3
1.1 Twee stelle faktore by die toekenning van finansiële ondersteuning	3
Akademiese faktore	3
Finansiële behoeftigheid	4
1.2 Hoe doen ek aansoek vir finansiële ondersteuning?	5
1.3 Teen wanneer moet ek aansoek doen?	5
1.4 Hoe gaan ek weet of my aansoek suksesvol was?	5
1.5 Wanneer word die geld oorbetaal?	5
1.6 Waarvoor mag ek die geld gebruik?	6
1.7 Vermindering of kansellering van 'n beurs of beurslening	6
1.8 Terugbetaling van beurs en/of beurslening by nie-voltooiing van 'n program	6
2. Watter finansiële ondersteuning is beskikbaar?	7
2.1 Merietebeurse en spesiale beurse vir eerstejaarstudente	7
Merietebeurse	7
Sportbeurse	8
"Drie Kinders"-korting	8
2.2 Merietebeurse en spesiale beurse vir senior voorgraadse studente	9
Vereistes vir die Senior Merietebeurse	9
Toekenning van die Senior Merietebeurse	9
Skaal vir Senior Merietebeurse	10
Kansellering van Senior Merietebeurse	11

BEURSE VIR VOORGRAADSE STUDENTE	12
1. Beurse vir studente in die meeste fakulteite	12
1.1 Beurse nie onderworpe aan beduidende beperkings	12
1.2 Beurse onderworpe aan sekere beperkings	19
2. Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.....	31
2.1 Verskeie departemente	31
2.2 Departement Afrikaans en Nederlands	32
2.3 Departement Drama.....	33
2.4 Departement Engels.....	33
2.5 Departement Maatskaplike Werk	34
2.5 Departement Musiek.....	36
2.7 Departement Visuele Kunste	41
3. Fakulteit Natuurwetenskappe	42
3.1 Verskeie departemente	42
3.2 Departement Aardwetenskappe	45
3.3 Departement Chemie en Polimeerwetenskap	47
3.4 Departement Fisika.....	50
3.5 Departement Plant-en Dierkunde	51
3.6 Departement Wiskundige Wetenskappe	51
4. Fakulteit Opvoedkunde.....	53
5. Fakulteit AgriWetenskappe	54
5.1 Verskeie departemente	54
5.2 Departement Voedselwetenskap.....	59
6. Fakulteit Regsgeleerdheid	60
7. Fakulteit Teologie	65
8. Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	69
8.1 Verskeie departemente	69
8.2 Departement Ekonomiese	71
8.3 Departement Logistiek	71
8.4 Skool vir Rekeningkunde	72

8.5	Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap.....	74
9.	Fakulteit Ingenieurswese.....	74
9.1	Verskeie departemente	74
9.2	Departement Bedryfsingenieurswese	79
9.3	Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese	80
9.4	Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese	83
9.5	Departement Prosesingenieurswese.....	88
9.6	Departement Siviele Ingenieurswese.....	91
10.	Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.....	94
10.1	Verskeie departemente	94
10.2	Departement Interdissiplinêre Gesondheidswetenskappe.....	98
BEURSE VIR NAGRAADSE STUDENTE	99	
	Bepalings vir die toekenning van beurse vir nagraadse studente	99
1.	Beurse vir studie in die meeste fakulteite	99
1.1	Beurse nie onderworpe aan beduidende beperkings.....	99
1.2	Beurse onderworpe aan sekere beperkings.....	101
2.	Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.....	107
2.1	Verskeie departemente	107
2.2	Departement Afrikaans en Nederlands	108
2.3	Departement Drama.....	111
2.4	Departement Engels.....	111
2.5	Departement Geografie en Omgewingstudie.....	112
2.6	Departement Geskiedenis	113
2.7	Departement Inligtingwetenskap	114
2.8	Departement Joernalistiek	114
2.9	Departement Maatskaplike Werk	114
2.10	Departement Musiek	115
2.11	Departement Politieke Wetenskap	120
2.12	Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie	121
2.13	Departement Visuele Kunste.....	121

3. Fakulteit Natuurwetenskappe	123
3.1 Verskeie departemente	123
3.2 Departement Aardwetenskappe	124
3.3 Departement Chemie en Polimeerwetenskap	126
3.4 Departement Fisika.....	128
3.5 Departement Plant-en Dierkunde	128
3.6 Departement Wiskundige Wetenskappe.....	129
4. Fakulteit Opvoedkunde.....	130
5. Fakulteit AgriWetenskappe.....	132
5.1 Verskeie departemente	132
5.2 Departement Voedselwetenskap.....	134
6. Fakulteit Regsgeleerdheid.....	135
7. Fakulteit Teologie	135
8. Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	137
8.1 Verskeie departemente	137
8.2 Departement Ekonomie	138
8.3 Departement Logistiek	139
8.4 Skool vir Rekeningkunde	140
8.5 Skool vir Pblieke Leierskap.....	140
9. Fakulteit Ingenieurswese.....	141
9.1 Verskeie departemente	141
9.2 Departement Bedryfsingenieurswese	142
9.3 Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese	143
9.4 Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese	144
9.5 Departement Prosesingenieurswese.....	145
10. Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.....	147
10.1 Verskeie departemente	147
10.2 Departement Interdissiplinêre Gesondheidswetenskappe	152

LENINGS.....	153
Universiteit Stellenbosch se voorgraadse beursleningskema.....	153
Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS).....	155
ABSA Stellenbosch Studenteleefstylsentrum.....	156
Ackermann (Jossie Ackermann).....	156
ATKV	156
Citrusdal-beursleningskema	157
Conradie (JE Conradie)	157
EDU-LOAN (PTY) LTD.....	157
Ersterivier-beursleningskema.....	158
Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Leningsfonds	158
Fakulteit Ingenieurswese Leningsfonds.....	159
Federale AgriWetenskappe-beursleningskema.....	160
Gut (Felix en Christine Gut-beurslening)	160
Helpmekaar Studielenes	160
La Grange (Philip La Grange)	161
Mouton (Jannie Mouton)-beursleningfonds	161
Namibië Staatsdiens	161
NEDBANK.....	162
Neethling (Piet Neethling Opvoedkundige Trust-beurslening)	162
Noordelike Helpmekaar-studiefonds	162
Old Mutualleefstylfonds	163
Perold-Steiner-beursleningskema	163
Departement Prosesingenieurswese (Chemies en Mineraal) (Beursleningskema)	163
PSG Groep-beursleningskema.....	164
Schumann (Wynnie Schumann-gedenklening).....	164
Standard Bank.....	164
Transnet-beursleningskema	164
Uys (Glen Uys).....	165
Van der Walt (CTJ van der Walt-beursleningskema).....	165
VLVK (Vrouelandbouvereniging van Kaapland-landbounavorsingslening).....	165

PRYSE, TROFEEË, SKILDE, SABEL EN BEKERS.....	166
1. Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe	166
2. Fakulteit Natuurwetenskappe.....	170
3. Fakulteit AgriWetenskappe.....	171
4. Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.....	173
5. Fakulteit Krygskunde	175
MEDALJES.....	176
1. Algemene Medaljes.....	176
2. Fakulteit Natuurwetenskappe.....	176
3. Fakulteit AgriWetenskappe.....	177
4. Fakulteit Regsgeleerdheid.....	178
5. Fakulteit Ingenieurswese.....	178
6. Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	179
7. Fakulteit Krygskunde	179
STIPENDIA	180
1. Universiteit Stellenbosch – Stipendia	180
2. Ander stipendia (moontlikheid vir studie in die buiteland).....	181
INDEKS.....	186

ALGEMENE INLIGTING

In hierdie publikasie sluit woorde wat die manlike geslag aandui die vroulike geslag in, tensy die samehang van die woorde uitdruklik die teenoel aandui of daarvanstrydig is.

Die Universiteit behou hom die reg voor om te eniger tyd wysigings aan die Jaarboek aan te bring. Die Raad en die Senaat van die Universiteit aanvaar geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat in die inhoud van die Jaarboek mag voorkom nie. Alle redelike sorg is egter gedra om te verseker dat die Jaarboek die tersaaklike inligting wat met die ter perse gaan beskikbaar was, akkuraat en volledig weergee. Kennisgewings aangaande beurse of die wysiging van beursvoorwaardes word deur die Universiteit se amptelike kanale bekend gemaak en ook aan die dekane van die betrokke fakulteite gestuur.

Taalbeleid en -plan

Die amptelike Taalbeleid en -plan van die Universiteit Stellenbosch is deur die Raad van die Universiteit goedgekeur. Die volledige weergawe is beskikbaar by <http://www.sun.ac.za/taal>.

Inklusiwiteit

Die Universiteit Stellenbosch laat studente van enige ras toe tot al die regte, voorregte, programme en aktiwiteite wat in die algemeen aan studente van die Universiteit verleen of beskikbaar gestel word. Die Universiteit diskrimineer nie op grond van ras by die uitvoering van sy beurs- en leningsprogramme nie.

Kommunikasie met die Universiteit

By die hantering van nuwe formele aansoeke ken die Universiteit aan elke aansoeker 'n nommer toe. Die nommer dien as unieke identifikasie van die betrokke individu om toekomstige kommunikasie te vergemaklik.

In die Universiteit se "taal" noem ons hierdie nommer jou studentenommer. Die blote toekenning van so 'n studentenommer impliseer egter nie dat die aansoeker finaal aanvaar is vir die gevraagde studieprogram nie. Vir aanvaarding al dan nie word aparte briewe uitgestuur.

Wanneer jou studentenommer aan jou bekend gemaak is, moet jy dit asseblief in alle toekomstige korrespondensie met die Universiteit vermeld.

Die toekenning van 'n studentenommer impliseer slegs voorwaardelike toelating tot 'n program.

Belangrike terme

Getal

In dié Deel 2 van die Jaarboek sluit die grammatisese enkelvoudsvorm die grammatisese meervoudsvorm in, en omgekeerd, tensy uit die samehang anders blyk.

Program

In hierdie Deel 2 van die Jaarboek is die terme “program” en “programme” afkortings vir onderskeidelik “onderrigprogram” en “onderrigprogramme”, tensy uit die samehang anders blyk.

Houer

Die term “houer” beteken in hierdie Deel 2 van die Jaarboek “beurshouer, beursleninghouer en/of merietebeurshouer”, tensy uit die samehang anders blyk.

Beurs

’n Bedrag geld wat aan ’n behoeftige, verdienstelike student gegee word om sy studies gedeeltelik of ten volle te betaal. Daar is soms ’n diensverpligting aan verbonde.

Lening

’n Bedrag geld wat aan ’n behoeftige, verdienstelike student geleen word om sy studies te betaal. Die bedrag moet terug betaal word volgens sekere bepalings.

Beurslening

’n Bedrag geld wat aan ’n behoeftige, verdienstelike student geleen word om sy studies mee te betaal. Afhangend van sekere bepalings deur die gewer, kan ’n gedeelte van die geld omgeskakel word in ’n beurs.

FINANSIËLE ONDERSTEUNING

Die Universiteit Stellenbosch glo dat mense wat die potensiaal het om suksesvol te studeer, sover moontlik die geleentheid daartoe moet kry. Daarom probeer die Universiteit om diegene wat as studente tot die Universiteit toegelaat word, maar nie die nodige finansiële middele het nie, sover moontlik te ondersteun.

Finansiële behoefrigheid by sy studente is dus 'n faktor waarvan die Universiteit terdeë bewus is. Ongelukkig het die Universiteit egter nie onbeperkte fondse tot sy beskikking nie. Studente kan derhalwe nie op finansiële ondersteuning van slegs die Universiteit aanspraak maak nie. Ook is die feit dat 'n student om 'n beurs en/of beurslening aansoek gedoen het, ongelukkig geen waarborg dat dié aan hom toegeken sal word nie.

Die Universiteit verleen aan sy studente net twee vorme van finansiële ondersteuning waarvan hulle 'seker' kan wees, naamlik merietebeurse en die "Drie Kinders"-korting.

By die toekenning van hierdie twee vorme van finansiële ondersteuning tel finansiële behoefrigheid nie onder die faktore wat in ag geneem word nie. Elke student aan die Universiteit Stellenbosch is dus in die eerste en laaste instansie self verantwoordelik om finansiële voorsiening te maak vir die vereffening van sy studentegelderekening.

1. Wie kwalifiseer vir finansiële ondersteuning?

1.1 Twee stelle faktore by die toekenning van finansiële ondersteuning

Aangesien die Universiteit se finansiële bronne nie onbeperk is nie, baseer sy die toekenning van beurse en/of beurslenings – met ander woorde, die verlening van finansiële ondersteuning – op sowel akademiese as finansiële faktore.

Sentraal onder die akademiese faktore is die individu se potensiaal om suksesvol te studeer. Sentraal onder die finansiële faktore is die individu se finansiële behoefrigheid.

a) Akademiese faktore

- Studente van die Universiteit, hetsy geregistreer of voornemend, moet aan die minimum akademiese vereistes vir toelating voldoen.
- Eerstejaarstudente óf studente in een van die verlengde graadprogramme wat as studente tot die Universiteit toegelaat is op grond van hul uitslag in die skooleindeksamen of daarvan gelykstaande eksamen, kom vir finansiële ondersteuning in aanmerking (Die Universiteit beskou sodanige toelating as afdoende bewys dat hulle suksesvol kan studeer).

- Voorgraadse studente van die Universiteit moet vir voltydse, volle programme geregistreer wees.
- Senior studente van die Universiteit (studente vanaf hulle tweede studiejaar) moet minstens twee derdes van hul krediete van die voorafgaande jaar geslaag het.
- Senior studente wat minder as twee derdes van hul krediete van die voorafgaande jaar geslaag het, het hulself daardeur op akademiese gronde gediskwalifiseer vir oorweging vir enige finansiële ondersteuning.

b) Finansiële behoeftigheid

Indien 'n aansoeker die akademiese potensiaal het om suksesvol te studeer, oorweeg die Universiteit sy finansiële behoeftigheid. M'n aansoeker se finansiële posisie noukeurig te kan bepaal, verlang die Universiteit die volgende dokument(e) betreffende die finansies van sy ouers/voog/eggenoot:

- Die ouers/voog/eggenoot se jongste salarisstrokie(s) of, indien van toepassing, 'n brief van die werkgewer waarin die ouers/ voog/eggenoot se inkomste verklaar word; of
- Indien die ouer/voog/eggenoot 'n pensioenaris is, 'n uitdienstredingspakket aanvaar het, of van rente-inkomste afhanglik is, dokumente ter stawing van hierdie feit; of
- Indien die ouer/voog/eggenoot 'n eie besigheid of boerdery bedryf, die jongste, behoorlik geouditeerde finansiële state van sodanige besigheid of boerdery.

Met hierdie finansiële besonderhede beskikbaar, evalueer die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings dan die aansoek aan die hand van die Universiteit se middeletoets. Hierdie middeletoets meet die aansoeker se graad van finansiële behoeftigheid.

Die toets word sonder aansien des persoons toegepas op alle aansoekers om finansiële hulp waarby finansiële behoeftigheid 'n voorvereiste is. Studente ontvang finansiële ondersteuning, ongeag ras of geslag, in regstreekse verhouding tot hul graad van finansiële behoeftigheid soos met die middeletoets bepaal.

Die aansoeker is normaalweg finansieel behoeftig indien die bruto gesinsinkomste minder as R20 000 per maand is, en die familie gevolelik nie vir 'n lening by 'n bank kwalifiseer nie.

Tensy anders vermeld, moet aansoekers Suid-Afrikaanse burgers wees en in Suid-Afrika woon.

1.2 Hoe doen ek aansoek vir finansiële ondersteuning?

Bestudeer hierdie boek om te bepaal vir watter beurse en/of beurslenings jy kwalifiseer.

- Doen gerus aansoek www.maties.com of by www.mymaties.com vanaf 1 April en lewer die webaansoek met stawende dokumente in by die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings, Admin A, K 2063. Jy kan op die selfde vorm vir meer as een beurs, lening of beurslening aansoek doen.
- Vir beurse wat deur 'n privaat maatskappy of organisasie geadministreer word, kontak gerus die maatskappy of organisasie direk vir aansoekvorms.
- Maak seker dat jy die vorms deeglik en korrek voltooi en dat al die stawende dokumentasie ingesluit is. Enige onvolledige aansoek sal nie oorweeg word nie.

Spesiale studente of studente wat nie vir die minimum voorgeskrewe krediete vir hul graadprogramme vir 'n betrokke akademiese jaar geregistreer is nie sal nie oorweeg word nie.

1.3 Teen wanneer moet ek aansoek doen?

- Voorgraadse beurse wat deur die US geadministreer word **sluit op 31 Augustus**. (Dit is die beurse wat jy by www.mymaties.com sal kry).
- Aansoeke ná die sluitingsdatum sal slegs in 'n tweede fase op 'n later stadium oorweeg word, afhangend van die beskikbaarheid van fondse vir laat aansoeke.
- Sluitingsdatums vir privaat beurse mag verskil van die van die Universiteit, maar die sluitingsdatum van elke eksterne beurs word aangedui by die beursbesonderhede in hierdie boek.

1.4 Hoe gaan ek weet of my aansoek suksesvol was?

- Alle voorgestelde toekenning aan voornemende studente word gedurende November gefinaliseer. Daarna laat weet die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings elke aansoeker per brief of die aansoek suksesvol was of nie.
- Indien 'n senior geregistreerde student teen die einde van Desember nog nie só 'n brief ontvang het nie, kan hy die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings skakel by 021 808 9111.

1.5 Wanneer word die geld oorbetaal?

In die geval van merietebeurse en beurse/beurslenings vir plaaslike, voltydse studie wat deur die Universiteit ontvang en geadministreer word, word die betrokke bedrae in die houers se studentegelderekeninge inbetaal.

Indien 'n merietebeurshouer se studentegelderekening 'n kredietsaldo toon, is die Universiteit bereid:

- om die helfte van die kredietsaldo aan die einde van die eerste semester aan die houer uit te betaal; en
- om die ander helfte van die kredietsaldo aan die einde van die tweede semester aan die houer uit te betaal.

Let wel

- Krediet word nie aan 'n student uitbetaal indien 'n merietebeurs saam met 'n beurs en/of beurslening van die Universiteit gehou word nie.

Die maatskappy se opdrag

- Indien 'n houer se studentegelderekening aan die einde van die jaar 'n kredietsaldo toon, sal die Universiteit die betrokke bedrag krediteer teen die houer se rekening vir die daaropvolgende jaar;
of
- aan die houer uitbetaal, streng ooreenkomsdig die maatskappy se opdrag.

1.6 Waarvoor mag ek die geld gebruik?

- Alle beurse en beurslenings wat aan studente toegeken word, mag slegs aangewend word vir klasgeld, akkommodasie, etes en boekiegeld.
- Geen beurse- of leningsgeld mag aangewend word vir reiskoste, losies by ouers/voog of toerusting soos rekenaars, kameras, skryfbehoeftes of wit jasse nie.

1.7 Vermindering of kanselling van 'n beurs of beurslening

- 'n Beurs of beurslening kan te eniger tyd verminder of ingetrek (gekanselleer) word indien die houer se gedrag of vordering onbevredigend is of hy sy studie staak, of indien die standaard van sy klaswerk of sy eksamenuitslag na die Universiteit se oordeel onvoldoende is.
- Die bedrag van die beurs of beurslening word vasgestel deur 'n finansiële middeleotoets. Indien die studente enige ander beurs(e) ontvang (bv. 'n US-merietebeurs of 'n volle beurs van 'n maatskappy), sal die bedrag van die beurs of beurslening ooreenkomsdig verminder word of selfs gekanselleer word. Hierdie vermindering of kansellasie van die beurslening geskied outomatis en studente en ouers sal nie vooraf in kennis gestel word in hierdie verband nie.

1.8 Terugbetaling van beurs en/of beurslening by nie-voltooiing van 'n program

Indien die houer van 'n beurs en/of beurslening sy program nie voltooii nie, kan die Universiteit van hom eis dat hy die bedrag wat aan hom uitbetaal is, terugbetaal.

2. Watter finansiële ondersteuning is beskikbaar?

Die Universiteit se studente en voornemende studente kan in aanmerking kom vir 'n groot aantal beurse en/of beurslenings. Dié val, breed gesproke, uiteen in vier tipes:

- Merietebeurse vir US-studente, toegeken uitsluitlik op grond van skolastiese of akademiese prestasie;
- Kortings vir sekere US-studente;
- Sportbeurse vir US-studente, toegeken op grond van ander prestasies as die skolastiese of akademiese;
- 'n Ruim getal beurse/beurslenings vir finansieel behoeftige voorgraadse en/of nagraadse studente van die US

2.1 Merietebeurse en spesiale beurse vir eerstejaarstudente

a) Merietebeurse

Datum waarop merietebeurse toegeken word

Merietebeurse word in April toegeken.

Berekening en toekenning van merietebeurse

- In die geval van eerstejaar merietebeurse word die werklike gemiddelde van 'n voornemende student se finale Graad 12-eksamen (bereken uit die kombinasie van 6 beste vakke wat toegang verleen tot Baccalaureus-studies aan 'n universiteit, uitgesluit Lewensoriëntering en Wiskunde Vraestel 3), soos deur die onderskeie onderwysdepartemente aangegee, as maatstaf gebruik.
- Merietebeurse word as 'n persentasie van klasgelde bereken. Op hierdie wyse word die toekenningsbedrae aan die hand van 'n algoritme met 'n gegewe begrotingsbedrag en die vasgestelde beursparameters bereken na registrasie en uitslae bekend is.
- Die berekende bedrae word dan outomaties in die ontvangers se studenterekeninge oorbetaal.

Die volgende meriete-kategorieë vir eerstejaar-meriete is van toepassing:

Matriek-gemiddelde	% korting op klasgelde
85 - 89%	40% (gewaarborg)
90 – 95%	* > 40%
95% of meer	>40%

* Die persentasie korting hang af van die getal kwalifiserende kandidate, en die bedrag beskikbaar vir merietebeurse.

Let wel

- Eerstejaarstudente wat hul skooleindeksamen buite 'n provinsiale onderwysdepartement afgelê het (uitgesluit die IEB-eksamen), moet 'n gesertifiseerde afskrif van hul finale Graad 12-eksamen by die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings inhandig.
- Die onus rus op studente om teen Junie van die betrokke akademiese jaar waarin hulle op die merietebeurs geregtig is, op hulle rekeningstate te kontroleer of die merietebeurs daarop aangedui word.
- Indien die merietebeurs in op hulle rekeningstate aangedui word nie, moet die inligting onder die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings se aandag gebring word voor einde Augustus; anders verval die studente se aanspraak op die merietebeurs.

Kansellering van merietebeurse

- Studente wat hul studies gedurende die eerste semester staak, se merietebeurse sal gekanselleer word.

Merietebeurse vir studente wat aan ander instellings gestudeer het

- Studente wat aan ander instellings gestudeer het, kwalifiseer nie vir Eerstejaarmerietebeurse nie, maar kan oorweeg word vir 'n Senior Merietebeurs indien hulle geweegde gemiddelde 75% of hoër is.
- Hierdie studente moet hul resultate inhandig by die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings.

b) Sportbeurse

- Eerstejaarstudente wat uitmuntende sportprestasies behaal het, kom in aanmerking vir 'n verskeidenheid van spesiale beurse wat nie in hierdie boek gelys word nie.
- Vir meer inligting oor hierdie beurse, skakel Matie Sport by (021) 808 4642.

c) “Drie Kinders”-korting

- Die Universiteit bied 10%-korting op klasgeld indien drie of meer kinders uit dieselfde huisgesin tegelykertyd aan die Universiteit studeer.

2.2 Merietebeurse en spesiale beurse vir senior voorgraadse studente

Omskrywings

Senior voorgraadse studente

Vir die doel van hierdie Deel 2 van die Jaarboek van die Universiteit, beteken “senior voorgraadse studente” “senior studente van die Universiteit wat voorgraadse of nagraadse baccalaureusgrade – bv. LLB as tweede B-graad – volg, maar nie honneursgrade nie”.

Senior Merietebeurse

Vir die doel van hierdie Deel 2 van die Jaarboek van die Universiteit, beteken “Senior Merietebeurse” dieselfde as “merietebeurse vir senior voorgraadse studente”.

a) Vereistes vir die Senior Merietebeurse

Kandidate vir die Senior Merietebeurse moet –

- senior voorgraadse studente van die Universiteit wees;
- voltydse studente van die Universiteit wees;
- ’n gepaste graadprogram volg;
- die volle aantal modules wat vir die betrokke studiejaar voorgeskryf word, volg; en
- ’n geweegde gemiddeld van minstens 75% oor ’n hele akademiese jaar behaal.
- studente wat aan ander instellings gestudeer het, moet hul resultate inhändig by die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings.

Let wel

- Slegs studente wat die volle aantal voorgeskrewe krediete van ’n betrokke jaargang volg, kom vir Senior Merietebeurse in aanmerking.

b) Toekennings van die Senior Merietebeurse

- Merietebeurse word toegeken op grond van prestasie in die vorige akademiese jaar en kan slegs aangewend word vir studiekoste.
- Finalejaarstudente moet hul vergewis van die vereistes en kriteria ten opsigte van Nagraadse Merietebeurse.
- Studente wat nie die volle akademiese lading neem nie, a.g.v. erkenning van modules wat hulle elders geneem het, kwalifiseer nie vir ’n Merietebeurs nie.
- Vir die doel van hierdie Senior Merietebeurse, word studente in die program vir LLB as tweede B-graad geag voorgraadse studente te wees (met uitsluiting van finalejaarstudente wat vir NNS- en US Nagraadse Merietebeurse in aanmerking kom). Studente moet vir laasgenoemde beurse formeel aansoek doen by die Eenheid Nagraadsestudentebefondsing.

- Studente van die Universiteit wat vir honneursgrade, magistergrade of doktorsgrade geregistreer is, kom nie in aanmerking vir hierdie Senior Merietebeurse nie.
- Vir die doel van hierdie Senior Merietebeurse, word elke kandidaat se geweegde gemiddelde bereken met betrekking tot die voorafgaande studiejaar.
- Voornoemde senior voorgaarde studente van hierdie Universiteit kom outomaties vir hierdie Senior Merietebeurse in aanmerking en hoef gevolglik nie skriftelik daarvoor aansoek te doen terwyl hulle hul onderrigprogramme volg nie, met dien verstande dat sodanige skriftelike aansoek wel geveng word indien so 'n student sy studie onderbreek het en in 'n later kalenderjaar hervat.

Let wel

- Die onus rus op senior studente om teen Junie van die betrokke akademiese jaar waarin hulle op die merietebeurs geregtig is op hulle rekeningstate te kontroleer of die merietebeurs daarop aangedui word.
- Indien die merietebeurse nie op die studente se rekeningstate aangedui word nie, moet die inligting onder die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings se aandag gebring word voor einde Augustus; anders verval hulle aanspraak op die merietebeurs.

c) Skaal vir Senior Merietebeurse

Senior Merietebeurse word aan tweedejaar-, derdejaar-, vierdejaar-, vyfdejaar- en sesdejaarstudente toegeken ooreenkomsdig die skaal hier onderaan (met uitsondering van die volgende vierde- en vyfdejaarstudente):

- *Vierdejaarstudente*

Die vierdejaarstudente wat in aanmerking kom, sluit studente in onder andere die volgende programme in: BA (VK), BArb, BTh, BDram, BIng (F), BMus, BEd (AlgOnd), BScAgric, BScVoedselwet, BScBosb, BScFisio, LLB as eerste B-graad, LLB as tweede B-graad, en MB,ChB.

Let wel: NOS-studente kom op dieselfde wyse as vierdejaar- voorgraadse studente in aanmerking.

- *Vyfdejaarstudente*

Die vyfdejaarstudente wat in aanmerking kom, sluit studente in die volgende programme in: LLB en MB,ChB.

Die volgende skaal is van toepassing op Senior Merietebeurse:

Geweegde gemiddelde	% korting op klasgelde (uitgesluit modulekoste)
75 - 79,9%	20% (gewaarborg)
80 – 84,9%	* > 20%
85 – 89,9%	* > 20%
90 – 94,9%	* >20%
95% en meer	* >20%

* Die persentasie korting hang af van die aantal kwalifiserende kandidate, en die bedrag beskikbaar vir Senior Merietebeurse.

d) Kansellinger van Senior Merietebeurse

Studente wat hul studies gedurende die eerste semester staak, se merietebeurse sal gekanselleer word.

BEURSE VIR VOORGRAADSE STUDENTE

Die Universiteit raai sy studente en voornemende studente aan om die toepaslike besonderhede deeglik na te gaan voordat hulle die voorgeskrewe vorms vir beursaansoeke aanvra.

Alle aansoeke moet aanlyn by www.maties.com gedoen word, of by die betrokke maatskappy of trust.

Alle voorgraadse aansoeke wat deur die Universiteit geadministreer word, moet die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings bereik voor die relevante sperdatum van 31 Augustus. Sluitingsdatums vir privaat organisasies of maatskappye mag verskil van die van die Universiteit.

Wanneer die waarde van die beurs nie gelys word nie is dit omdat die waarde wissel van jaar tot jaar.

Let wel

Studente en voornemende studente wat belangstel kan ook inligting oor ander beursopsies by <http://bursaries-southafrica.co.za/list-of-all-bursaries-in-south-africa/> verkry.

1. BEURSE VIR STUDIE IN DIE MEESTE FAKULTEITE

1.1 Beurse nie onderworpe aan beduidende beperkings

Aligarh Association of SA

Wie kwalifiseer?

Studente vanaf hulle tweede jaar

Aansoeke:

Prof AA Wadee (Hon. Secretary), Aligarh Old Boys' Scholarship Trust, PO Box 42406, FORDSBURG 2033

Sluitingsdatum: 31 Augustus

Bendiks (LMC Bendiks)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige en verdienstelike studente

Aansoeke: www.mymaties.com

Bloemhof Trust-beurs

Wie kwalifiseer?

Beurse word toegeken op grond van behoeftigheid, akademiese meriete, sportprestasies, leierskap en gesinsverbintenis met die US vir Afrikaanssprekende studente.

Aansoek:

Hierdie beurs het 'n unieke aansoekvorm by www.mymaties.com

Sluitingsdatum: 31 Augustus

Waarde: R5 000-R30 000

Besonderhede:

Die beurse word toegeken deur die trustees van die Bloemhof Trust.

Brand (Sheila Brand)

Wie kwalifiseer?

Beurse word toegeken op grond van behoeftigheid, akademiese meriete, leierskap, sportprestasies, kulturele bedrywighede en gemeenskapsdiens.

Aansoek:

Hierdie beurs het 'n unieke aansoekvorm by www.mymaties.com.

Waarde: Minimum van R25 000

Besonderhede:

Beurse beskikbaar vir enige studierigting aan die US

Broden (Eric Broden Trust)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike en veral behoeftige studente

Aansoek: www.mymaties.com

Campher (Leon Campher-beursfonds)

Wie kwalifiseer?

Voorgraadse studente wat finansieel behoeftig is en/of uit histories benadeelde onderwysomstandighede kom

Aansoek: www.mymaties.com

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die algemene bepalings en voorwaardes soos deur die US bepaal, asook die beskikbaarheid van fondse

Du Toit Huguenote

Wie kwalifiseer?

- Kriteria vir toekenning sluit in behoeftigheid, akademiese prestasie en leierskapspotensiaal.

- Kandidate moet 'n motiveringsbrief saam met hul aansoek insluit.
- Kandidate van Hugenote-afkoms sal, indien alles gelyk is, voorkeur geniet.

Aansoeke:

Hierdie beurs het 'n unieke aansoekvorm by www.mymaties.com.

Besonderhede:

- Beurse vir studie in enige rigting.
- Indien 'n student nie bevredigende vordering toon nie of hom aan wangedrag skuldig maak, kan die beurs gekanselleer en terugbetaaling gevorder word op voorwaardes soos deur die trustees en die betrokke beurskomitee bepaal.

Fraser (Ian Fraser-gedenkbeursfonds)

Wie kwalifiseer?

Blinde en gesiggestremde studente

Aansoeke:

Die Beursfondsbeampte, Ian Fraser-gedenkbeursfonds, Posbus 125, HOWARD PLACE 7450

Sluitingsdatum: 30 September

Besonderhede:

- Voorgraadse beurs vir verwerving van 'n diploma of 'n graad.
- Mediese bewys van blindheid MOET verstrek word.
- Afskrifte van die matrieksertifikaat en daaropvolgende universiteitsuitslae, veral die vorige jaar se finale eksamenuitslag, moet verstrek word.

Greenberg (Isaac Greenberg)

Wie kwalifiseer?

Voornemende eerstejaarstudente met 'n besonder hoë skolastiese prestasie. Toesegging word gelyk verdeel onder kandidate van Afrikaanse, Engelse en Joodse afkoms.

Aansoeke: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Die beurse is, onderworpe aan bevredigende vordering, vir drie jaar aaneenlopend beskikbaar.
- Aansoekers moet bewys lewer van die taalgroep waaraan hulle behoort d.m.v. die handtekening van 'n predikant of skoolhoof agterop die aansoekvorm.
- Wyle mnr Isaac Greenberg het dergelike beurse aan die Universiteit van Kaapstad beskikbaar gestel en dit is 'n bepaling in sy testament (en derhalwe 'n voorwaarde van die betrokke beurs) dat alle beurshouers van beide universiteite een keer per jaar 'n gesamentlike ete moet bywoon.
- Die beurse-en-lenings-afdelings van die twee universiteite reël dié byeenkoms jaarliks om die beurt, gewoonlik gedurende September van die betrokke jaar.

Hocken (Marjorie Hocken)

Wie kwalifiseer?

Voltydse behoeftige en verdienstelike voorgraadse studente

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Geen beurse mag toegeken word aan studente wat in rigtings studeer waar met diere geëksperimenteer word nie.
- Studente moet jaarliks heraansoek doen.

Jansen (Dr PG Jansen)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige en verdienstelike studente

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

Beurse beskikbaar vir enige studierigting aan die US

Leierskap (Studenteleiers)

Wie kwalifiseer?

Studenteleiers soos primarii en primariae

Aansoek: Geen aansoek

Waarde: R3 200

Liberty/Maties Alumni Gholf Klub

Wie kwalifiseer?

Akademies verdienstelike en behoeftige studente, met bewese leierskap en sportprestasies, in enige studierigting

Aansoek:

www.mymaties.com of direk by Lezanne Bruwer, Liberty/Maties Alumni Gholf Klub Beurs, Posbus 2493, Northcliff, 2115

Waarde:

Wisselend tussen R5 000 en R25 000 per jaar

Besonderhede:

- Die Liberty/Maties Alumni Gholf Klub in Gauteng is gestig deur oudstudente van die Universiteit, en ken jaarliks beurse toe aan voorgraadse studente.
- Die keurkomitee besluit, met inagneming van finansiële behoeftie, akademiese en sportpotensiaal, asook leierskapeienskappe, oor die grootte van die beurs wat toegeken word.

Meaker (Cato Meaker)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike en/of behoeftige studente (voograads én nagraads) in enige studierigting, met voorkeur aan studente in Maatskaplike Werk

Aansoek:

www.mymaties.com [Hoof: Voorgraadse Beurse of Hoof: Nagraadsestudentebefondsing, US]

Waarde: Klasgelde

Besonderhede:

- Die Cato Meaker Studiefonds het ten doel om die Universiteit se strewe na groter akademiese uitnemendheid te ondersteun deur finansiële ondersteuning, in die vorm van beurse, aan verdienstelike voograadse en/of nagraadse studente te skenk.
- Verdienstelike en/of behoeftige studente sal elke jaar gedurende Desember deur die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings en die Eenheid Nagraadsestudentebefondsing, in samewerking met die Sentrum vir Voornemende Studente, by die Beheerkomitee van die Cato Meaker Studiefonds genomineer word vir goedkeuring.
- Die kandidate moet 'n volle akademiese lading volg en aan die minimum akademiese vereistes van die betrokke program voldoen.
- Beurse kan in opeenvolgende akademiese jare aan dieselfde beurshouer toegeken word, met dien verstande dat die beurshouer elke jaar aan die minimum vereistes vir hertoelating as student voldoen.
- Die beurse kan deel vorm van die pakkette wat aan werwingstudente aangebied word ten einde akademies topstudente na die Universiteit te lok.

Ohlthaver (Hermann Ohlthaver)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike en uiters behoeftige eerstejaarstudente

Aansoek: www.mymaties.com

Oranjobond

Wie kwalifiseer?

'n Tweedejaarstudent wat aan een van die volgende hoërskole gematrikuleer het: Kakamas, Keimoes, Kenhardt of Upington

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

Een beurs elke jaar vir die aankoop van boeke

Robertson (MM Robertson)

Wie kwalifiseer?

Hardwerkende, verdienstelike studente wat finansieel behoeftig is

Aansoek: www.mymaties.com

Russel Botman Beursfonds

Wie kwalifiseer?

Beurse word toegeken op grond van behoeftigheid, akademiese meriete, Suid-Afrikaanse burgerskap, gemeenskapsbetrokkenheid en -leierskap, sowel as besonderse volharding en sukses behaal.

Aansoek:

Aansoekvorms beskikbaar by die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings.

Waarde:

Wissel na gelang van elke student se finansiële behoeftie.

Besonderhede:

Die beurse word toegeken deur die komitee van die Russel Botman Beursfonds.

Sluitingsdatum:

Aansoek sluit op 31 Oktober die voorafgaande akademiese jaar.

St Leger-beurs

Wie kwalifiseer?

Aansoeker moet Christelik wees; onder 25 jaar oud en moes in Wes-Kaapland matrikuleer.

Aansoek:

Die Trustees, St Leger-beurs, Posbus 86, KAAPSTAD 8000;

Tel.: 021 416 6258; Faks: 021 416 9952; E-pos: normas@boe.co.za

Sluitingsdatum:

31 Julie van die voorafgaande studiejaar

Van Brakel (CJ van Brakel)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan belowende behoeftige studente

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede: Enige studierigting

Van der Merwe (JR van der Merwe)

Wie kwalifiseer?

Uiters behoeftige studente

Aansoek: Geen aansoek

Waarde:

Die opbrengs uit 'n aantal ABSA-aandele

Von Zeuner (Louis von Zeuner)

Wie kwalifiseer?

Akademies verdienstelike en behoeftige studente in enige studierigting

Aansoeke: www.mymaties.com

Waarde: Wisselend

Besonderhede:

Die beurse word toegeken deur die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings in oorelog met die donateur.

Die Vlakte-beursfonds

Wie kwalifiseer?

- Persone wat in die gebied genaamd Die Vlakte gewoon het en toe verwyder is, asook hul kinders en kleinkinders, en vir voorgraadse studie aansoek doen, asook vir 'n eerste nagraadse program.
- Hierdie gebied in die Stellenbosse middedorp is omgrens deur Muller-, Ryneveld-, Banghoek-, Smuts-, Merriman-, en Birdstraat het in die 20ste eeu bekend gestaan Die Vlakte.
- Kandidate moet ook aan die minimum akademiese vereistes van die betrokke program voldoen en die beurs word vir die minimum duur van die program toegeken op voorwaarde dat die kandidaat minstens 0,6 HEMIS-krediete verwerf in 'n akademiese jaar.

Let wel:

'n Gekose komitee bestaande uit lede van die gemeenskap van Die Vlakte sal elke jaar verifieer of die aansoekers wel nasate van inwoners van Die Vlakte is.

Aansoeke:

Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings.

Waarde: Klasgeld.

Besonderhede:

- In sy intreerde op 29 April 2015, het die Rektor aangekondig dat hy die Die Vlakte-beursfonds vir nasate van die mense wat gedwing is om in die 1960's uit Die Vlakte weg te trek.
- Die fondse vir hierdie beurs sal uit nuwe fondse ingesamel word en vorm nie deel van die bestaande institusionele begroting vir beurse en lenings nie.

Sluitingsdatum:

31 Augustus van die voorafgaande jaar.

1.2 Beurse onderworpe aan sekere beperkings

Agar-Hamilton-beurs

Wie kwalifiseer?

- Behoeftige Engelssprekende manlike studente tot die ouderdom van 25, van oorwegend Britse herkoms (terug tot grootouers)
- Applikante moet oor goeie karakter en akademiese eienskappe beskik en aktiewe lede van die Anglikaanse Kerk wees.

Aansoek:

Die Trustees, Die Agar-Hamilton Trust, Posbus 86, KAAPSTAD 8000

Sluitingsdatum:

31 Julie van die voorafgaande studiejaar

Amberg Fonds

Wie kwalifiseer?

- Verdienstelike en behoeftige studente.
- Voorkeur aan nie-Afrikaners wat Afrikaans as hul huistaal beskou.

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

Beurse beskikbaar vir enige studierigting aan die US

Association for Educational Transformation (ASSET)

Wie kwalifiseer?

Matrikulante afkomstig van die Wes-Kaap vir hulle eerste studiejaar

Aansoek:

www.asset.org.za

Tel.: 021 685 1025. Aansoekvorms beskikbaar vanaf 1 Julie.

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Athlone Instituut Trust

Wie kwalifiseer?

- Voltydse voorgraadse studente wat permanente inwoners is van Paarl/Mbekweni.
- Eerstejaarstudente kom in aanmerking vir 'n beurslening.

Aansoek:

www.athlonebursaries.yolasite.com;

E-pos: athlonebursaries@gmail.com; Tel.: 021 862 7777

Sluitingsdatum: 20 Januarie

Besonderhede:

Beurse beskikbaar vir enige studierigting aan die US

Blind SA

Wie kwalifiseer?

Blinde en swaksiende studente en siende kinders van gesiggestremde ouers

Aansoek:

Die President: me CJ Donaldson, Blind SA, Privaat Sak X9005, CROWN MINES 2025;
www.givengain.com

Waarde:

R5 000 per jaar (vir die normale duur van die studieprogram)

Cillié (Maria Cillié)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige vroustudente vanaf die tweede studiejaar

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Twee beurse vir die aankoop van boeke.
- Ter nagedagtenis aan die stigter van die Vrouevereniging van die Universiteit (wyle mev (prof) GG Cillié, sr.).

Davel (Koos en Lenie Davel)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige, Afrikaanssprekende voorgraadse studente aan die US

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Voorkeur aan studente uit die Hantam en die Noordwese van die ou Kaapprovincie, waar Noordwese hier gedefinieer word as die gebied noord van die Olifantsrivier, suid van die Oranjerivier, met insluiting van die Oranjerivervallei, en wes van 'n lyn tussen Beaufort-Wes en Prieska.
- Daar sal verder voorkeur gegee word aan studente uit die Natuurwetenskappe, Ingenieurswese, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, AgriWetenskappe en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Du Toit (Willie du Toit (Quaggasfontein)-opvoedingsfonds)

Wie kwalifiseer?

Voorkeur aan studente uit die distrikte Loxton en Victoria-Wes

Aansoek:

Die Trustees, Willie du Toit (Quaggasfontein)-opvoedingsfonds, Posbus 24, VICTORIA-WES 7070

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: Ongeveer klasgeldwaarde

Besonderhede:

Indien fondse voldoende is, kan aansoekers uit ander dele, met voorkeur aan Kaapland, ook in aanmerking geneem word.

Eikenhof-Moulton

Wie kwalifiseer?

'n Matrikulant van die Hoër Meisieskool Bloemhof

Aansoeke: www.mymaties.com

Waarde: R500

Forsyth (Elaine Forsyth Memorial Trust)

Wie kwalifiseer?

Enige student afkomstig uit die Wes-Kaap. Moet ook studeer by 'n instelling in die Wes-Kaap.

Aansoeke:

Die Trustees, Elaine Forsyth Trust, Posbus 86, KAAPSTAD 8000

Sluitingsdatum: 31 Julie

Besonderhede: Alle studierigtigs

Hanekom (Joey Hanekom)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige en verdienstelike vrouestudente in enige studierigting

Aansoeke: www.mymaties.com

Besonderhede: Alle studierigtigs

Heckroodt (JCD Heckroodt)

Wie kwalifiseer?

Afstammelinge van PH Heckroodt

Aansoeke:

Die JCD Heckroodt Trust, Eerste Nasionale Batebestuur en Trustmaatskappy (Edms) Bpk, Posbus 52297, SAXONWOLD 2132

Sluitingsdatum: 30 November

Besonderhede: Alle studierigtigs

Hendriksz (Gawie Hendriksz)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige kinders uit weeshuise; of kinders wat in 'n inrigting geplaas is weens die mislukte huwelike van hulle ouers.

Aansoeke: www.mymaties.com

Home (George Home)

Wie kwalifiseer?

Beurse vir een jaar aan behoeftige studente wat, in voorkeurorde, by die volgende skole gematrikuleer het:

- Seun en dogter – Worcester Gimnasium;
- Seun – Hoëskool Montana;
- Dogter – Hoëskool Montana;
- Seun en dogter – 'n hoëskool op Stellenbosch.

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

Aansoekers moet deur middel van 'n bylae duidelik uiteensit welke hoëskool hulle bygewoon het en gedurende watter jare.

Immigrantekind

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike en/of behoeftige kinders van immigrante wat vir drie jaar of minder in die RSA woon.

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Beurshouers moet jaarliks heraansoek doen om voortsetting.
- 'n Bewys dat 'n applikant 'n immigrant is, moet aangeheg word.

Jacobs-familie

Wie kwalifiseer?

- Direkte afstammelinge van Jan Abraham Jacobs.
- 'n Uiteensetting van die familieverband moet verstrek word.
- Aansoekers moet behoefdig, verdienstelik wees; en lidmate van die NG Kerk wees.

Aansoek:

Kry die familiebeurs-aansoekvorm op www.mymaties.com.

Besonderhede:

- Beurse vir hoogstens 3 jaar.
- Kan op Stellenbosch of by die Universiteit van die Vrystaat benut word.
- Hierdie beurs word toegeken ooreenkomsdig die bepalings en voorwaardes soos deur die skenker neergelê.

Knacke (FW Knacke)

Wie kwalifiseer?

- Beurse aan verdienstelike en veral behoeftige studente wie geheel of gedeeltelik van Duitse afkoms is, Duitssprekend is en reeds hulle eerste studiejaar aan die Universiteit voltooi het.
- Alle vakrigtings behalwe Gesondheidswetenskappe en Regsgeleerdheid.

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Beurshouers moet elke jaar heraansoek doen om voortsetting van die beurs. Studente wat reeds omvangryke hulp vanuit ander bronne ontvang, kwalifiseer nie vir hierdie beurse nie.
- Die Trustees van die Knacke Trust beklemtoon dat hierdie beurs veral finansiell behoeftige studente wil help, al presteer hulle nie noodwendig akademies voortrefflik nie.

Kuchler (AM Kuchler)

Wie kwalifiseer?

- Afrikaanssprekende studente op grond van behoeftigheid met inagneming van hul akademiese meriete vir die duur van studie, onderworpe aan bevredigende vordering.
- Slegs kandidate wat aan een van die volgende skole in die Stellenbosch-omgewing gematrikuleer het, sal oorweeg word:
 - Bloemhof Hoër Meisieskool
 - Cloetesville Sekondêr
 - Kayamandi Sekondêr
 - Kylemore Sekondêr
 - Lückhoff Sekondêr
 - Paul Roos Gimnasium
 - Rhenish Hoër Meisieskool
 - Stellenbosch Hoër
 - Stellenzicht Sekondêr

Aansoek: www.mymaties.com

Waarde:

Wisselend na gelang van elke student se finansiële behoeftte.

Besonderhede:

Enige voorgraadse studierigting. Studente moet egter elke jaar heraansoek doen.

Langenhoven (HP Langenhoven)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike studente uit die Hoëskool Punt in Mosselbaai vir studie aan die Universiteit Stellenbosch.

Aansoek: www.mymaties.com

Malan (FS en WC Malan)

Wie kwalifiseer?

Gebore-Malan-studente wat behoefdig en verdienstelik is.

Aansoek: www.mymaties.com

Marais (Elizabeth Marais)

Wie kwalifiseer?

- Direkte afstammelinge van Abraham Barend de Villiers en Theophile Antonia de Villiers (gebore Van der Lingen) vir studie aan die Universiteit Stellenbosch.
- Vir verdere bepalings, sien asseblief die besonderhede hier onder.

Aansoek:

Kry die familiebeurs-aansoekvorm op www.mymaties.com.

Besonderhede:

- Beurse beskikbaar vir 'n maksimum van 3 jaar.
- 'n Uiteensetting van die familieverband moet verstrek word.
- Die testament lui verder soos volg: "Indien daar egter nie in enige tydperk aanvraag deur enige van die descendente was nie, dan sal die bedrag aan rente op 'n reserwefonds geplaas word, en verder rente verdien; dan en in daardie geval sal die reserwefonds en rente daarop gebruik word om enige een van gesegde descendente in die geleentheid te stel om aan enige ander Universiteit, of in Suid-Afrika of in die buiteland, hulle studies voort te sit. By die toekenning van gelde uit rente op gesegde bedrag uit die Reserwefonds of rente daarop aan die descendente van hul vooroemde oorlede ouers sal die volgende in aanmerking geneem word:
 - EERSTENS: Die descendant of descendente wat die naaste by die geslag van haar oorlede ouers is sal die eerste in aanmerking geneem word, maar dit sal slegs geld tot in die vyfde geslag, haar oorlede ouers bereken as die eerste geslag. Daarna sal dit vry wees vir enige een van hulle nageslag om aanvraag te doen, indien die nodige bewyse gelewer is dat die aanvraer of aanvraers wettelike descendant van haar vooroemde oorlede ouers is.
 - TWEEDENS: As alle ander omstandighede van die descendente dieselfde is, dan sal voorkeur gegee word aan die descendant of descendente wat die behoefdigste is.
 - DERDENS: Slegs as daar opgelope rente op die kapitaalbedrag is waarvoor aanvraag nie gedaan was nie dan en in daardie geval mag aanvraag vir ondersteuning om in enige ander universiteit binne of buite Suid-Afrika te studeer toegestaan word, en toekennings vir die doel sal slegs geskied uit vooroemde Reserwefonds en rente daarop."

Markötter (Minnie Markötter)

Wie kwalifiseer?

'n Vroustudent wat op sportgebied presteer.

Aansoek: Geen aansoek

Besonderhede:

Rente op R2 000 wat geskenk is deur mev KE Beyleveld.

Metje (Wilfred Metje)

Wie kwalifiseer?

Voorgraadse studente wat in Namibië gebore is en ook hul skoolopleiding daar ontvang het

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Toekennings geskied op grond van akademiese prestasie met inagneming van finansiële behoeftes.
- Aansoekers wat volkoste beurse ontvang sal nie vir hierdie beurse kwalifiseer nie.

Mostert (Fritz en Anna Mostert)

Wie kwalifiseer?

Sowel voorgraadse as nagraadse B-graadstudente wat aan skole in die landdrosdistrikte Hopefield, Malmesbury, Moorreesburg, Piketberg, Porterville, Velddrift en Vredenburg gematrikuleer het.

Aansoek: www.mymaties.com

Muller (DR JH Muller)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige studente, afkomstig uit die Vrystaat.

Aansoek: www.mymaties.com

Neethling (DS JH Neethling)

Wie kwalifiseer?

- Nakomelinge van wyle ds JH Neethling.
- 'n Uiteensetting van die familieverband moet verstrek word.

Aansoek:

Kry die familiebeurs-aansoekvorm op www.mymaties.com.

Waarde: R500

Neethling (Prof JH Neethling)

Wie kwalifiseer?

- Behoeftige en verdienstelike studente.
- Belowende direkte afstammelinge van wyle prof JH Neethling se vader, Hendrik Johannes Neethling.
- Familieleden wat aansoek doen, moet skriftelike bewys van verwantskap lewer.

Aansoek:

Kry die familiebeurs-aansoekvorm op www.mymaties.com.

Waarde:

- Afstammelinge – 'n beurs gelyk aan die klasgeld, losiesgeld, boeke en etes
- Nie-afstammelinge – wisselend

Orr (Wilfred Orr)

Wie kwalifiseer?

Matrikulante van Kimberley

Aansoek: www.mymaties.com

Parfitt (Yvonne Parfitt)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige matrikulante van Kaapse Skiereiland-skole.

Aansoek:

Volledige besonderhede van die waarde, aansoekvorms en die sluitingsdatum is slegs by hoofde van skole van die Kaapse Skiereiland beskikbaar.

Sluitingsdatum: 30 April

Waarde: Klasgeld

Besonderhede:

- Enige studierigting. Minstens 15 beurse per jaar.
- Beurse word gewoonlik vir die duur van die studieprogram toegeken.

Permanent Bank

Wie kwalifiseer?

Een beurs vir die eerste studiejaar aan 'n Stellenbosse matrikulant. Die rotasie is soos volg:

- 2017 – Hoërskool Cloetesville
- 2018 – Bloemhof Hoërskool
- 2019 – Paul Roos Gimnasium
- 2020 – Hoërskool Renish
- 2021 – Stellenbosch Hoërskool

Aansoek: www.mymaties.com

Waarde: R1000

Besonderhede:

Indien 'n betrokke skool in 'n gegewe jaar nie 'n gesikte kandidaat sou lewer nie, sal die toekenning van daardie jaar aanskui na die daaropvolgende skool, met ander woorde die rotasie sal dan met een jaar vervroeg word.

Roos (Paul Roos Gimnasium)

Wie kwalifiseer?

Oudleerlinge van Paul Roos Gimnasium vir enige studiejaar

Aansoeke:

Die Rektor, Paul Roos Gimnasium, STELLENBOSCH 7600

Sluitingsdatum:

31 Oktober van die voorafgaande studiejaar

Waarde: R500 per jaar

Roos (Paul Roos Gimnasium Bymekaar-studiefonds)

Wie kwalifiseer?

Kinders van onderwysers/onderwyseresse wat in 'n permanente hoedanigheid aan Paul Roos Gimnasium skoolhou, asook direkte afstammelinge van Coenraad Hendrik Loubser

Aansoeke: www.mymaties.com

Roos (Paul Roos Gimnasium (Rhodes-beurs))

Wie kwalifiseer?

- 'n Ongetroude oud-Paul Rooser;
- 19 tot 24 jaar oud;
- Met 'n graad of ander kwalifikasie wat aanvaarbaar is vir die Universiteit van Oxford.

Aansoeke:

Die Rektor, Paul Roos Gimnasium, STELLENBOSCH 7600; www.rhodestrust.org.za

Sluitingsdatum: 15 Augustus

Waarde: Dek alle koste

Besonderhede:

Vir 1 tot 3 jaar studie by Oxford

Rozenweig (Mej AE Rozenweig)

Wie kwalifiseer?

'n Behoefte en verdienstelike eerstejaarstudent afkomstig van die Vrystaat.

Aansoeke: www.mymaties.com

Rotariërklub: Kaapstad

Wie kwalifiseer?

Studente vanaf die tweede studiejaar uit die Kaapse Skiereiland met die klem op gemeenskapsdiens.

Aansoeke: www.mymaties.com

Waarde:

Klas- en registrasiegeld plus 'n boeketoelaag

Shankman (David Shankman)

Wie kwalifiseer?

'n Behoeftige en verdienstelike Zimbabweanse student

Aansoek:

Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings

Besonderhede:

Een beurs vir die duur van 'n studieprogram – derhalwe nie noodwendig elke jaar beskikbaar nie.

Spies (Johan en Willie Spies)

Wie kwalifiseer?

- Die kinders van mev E Wood en dr CJ de Kock (sien asseblief verdere bepalings hier onder); of
- Een of meer behoeftige en verdienstelike Afrikaanssprekende student(e) (moedertaal Afrikaans) toeken, met dien verstande dat elke jaar van studie suksesvol is.

Aansoek:

Kry die familiebeurs-aansoekvorm op www.mymaties.com.

Besonderhede:

- Een beurs ter nagedagtenis aan Johannes Jacobus Spies en sy eggenote, Wilhelmina Christina Spies, deur hul seun, mnr JF Spies, om by voorkeur toe te ken aan sy kleinkinders (die kinders van mev E Wood en dr CJ de Kock) vir die volle duur van studie aan die Universiteit Stellenbosch, met dien verstande dat hulle elke jaar suksesvol studeer.
- Indien meer as een kleinkind gelyktydig studeer, moet die beursgeld gelykop tussen hulle verdeel word. Indien enige van die kleinkinders van die skenker elders sou studeer omdat die studieprogram wat hulle volg nie deur die Universiteit Stellenbosch aangebied word nie, moet die beurs tot hulle beskikking gestel word waar hulle ook al studeer.
- Indien daar nie 'n familielid is wat vir die beurs kwalifiseer nie, kan die Universiteit dit aan een of meer behoeftige en verdienstelike Afrikaanssprekende student(e) (moedertaal Afrikaans) toeken, met dien verstande dat elke jaar van studie suksesvol is.

Stad Kaapstad: Buitemuurse Beurse

Wie kwalifiseer?

Inwoners van die stad Kaapstad

Aansoek:

Departement Menslike Hulpbronne, Posbus 298, KAAPSTAD 8000

Sluitingsdatum:

Word jaarliks bepaal en in die plaaslike media bekendgestel

Stegmann (Eben Stegmann)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike atlete met 'n goeie en voorbeeldige karakter

Aansoek: Geen anssoek

Besonderhede:

- Atletiek. Hoogstens drie beurse word toegeken.
- Beurse word vir 'n tydperk van een jaar toegeken, hoewel 'n atleet 'n beurs vir 'n langer tydperk kan hou.

Swart (JP Swart)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige Afrikaanssprekende studente (by voorkeur aan studente afkomstig van die noordelike voorstede van Kaapstad)

Aansoek: www.mymaties.com

Theron (Frans en Rykie Theron-studiefonds)

Wie kwalifiseer?

- Studente wat hulle as predikante of sendelinge wil bekwaam;
- Studente wat 'n graadprogram in Landbou wil volg;
- Studente wat 'n nagraadse program in Spektrofisika wil volg;
- In al die gevalle moet voorkeur gegee word aan studente wat nakomelinge is van die Theron-, Marais- en Zeeman-families;
- Indien geen van die bogenoemde aansoek doen nie, gaan die beurs aan 'n student afkomstig uit die distrik Tulbagh.

Aansoek:

Kry die familiebeurs-aansoekvorm op www.mymaties.com.

Besonderhede:

Beurse uit die boedel van wyle mev RJ Marais van Tulbagh, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- Dat die rente daarop jaarliks gebruik sal word om minstens een beurs te gee aan verdienstelike studente wat finansiële steun nodig het in elk van die bogenoemde kategorieë.
- Indien daar in 'n betrokke jaar geen studente is wat aan die voorwaardes voldoen nie, moet die beurse aan studente van genoemde families gegee word wat enige ander studieprogram aan die Universiteit Stellenbosch volg; daarna aan studente afkomstig uit die distrik Tulbagh. 'n Uiteensetting van die familieverband moet verstrek word.

United Transport and Allied Trade Union

Wie kwalifiseer?

- 'n Verdienstelike en veral behoeftige kind van 'n lid van die SA Voetplaat-personeelvereniging.
- 'n Bewys van die lidmaatskap van die ouers moet saam met die beursaansoek ingestuur word.

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Die beurs word jaarliks opnuut toegeken.
- Dit kan (nie noodwendig nie) aan die bestaande beurshouer voortgesit word, mits hy suksesvol studeer en heraansoek doen.

Van Zijl (Petrusa van Zijl)

Wie kwalifiseer?

- Behoeftige afstammelinge van die ses susters van die skenker, wyle mev Petrusa Groenewald (gebore van Zijl).
- 'n Uiteensetting van die familieverband moet verstrek word.

Aansoek:

Kry die familiebeurs-aansoekvorm op www.mymaties.com.

Viljoen (Elizabeth Viljoen-trust)

Wie kwalifiseer?

Afstammelinge en aangename kinders van broers en susters van wyle mej Elizabeth Viljoen wat hulle studie aan die Universiteit Stellenbosch wil voortsit.

Aansoek:

Kry die familiebeurs-aansoekvorm op www.mymaties.com.

Waarde:

Wisselend, afhangende van die hoeveelheid aansoek wat ontvang word.

Visser (Elise Visser)

Wie kwalifiseer?

- Verdienstelike, behoeftige studente;
- Wat aan die NG Kerk van Kaapland behoort
- Voorkeur aan aansoekers wat in Wellington en Paarl gebore is.

Aansoek: www.mymaties.com

Waarde:

Maksimum R500

Besonderhede:

Hierdie beurs word toegeken ooreenkomsdig die bepalings en voorwaardes soos deur die skenker neergelê.

2. FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

2.1 Verskeie departemente

Charlton (Ethel Joyce Charlton)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike, behoeftige studente.

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

Voorgraadse beurse vir die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe en die Fakulteit Opvoedkunde.

Roos (Gideon Roos-beursfonds)

Wie kwalifiseer?

'n Oudleerling van Paul Roos Gimnasium

Aansoek:

Die Rektor, Paul Roos Gimnasium, STELLENBOSCH 7600

Sluitingsdatum:

31 Oktober van die voorafgaande studiejaar.

Besonderhede:

'n Paul Roos-beurs aan 'n oudleerling van Paul Roos Gimnasium om in enige studierigting van sy keuse aan die Universiteit Stellenbosch te studeer.

Van Ewijk (Van Ewijk-stigting)

Wie kwalifiseer?

Voorgraadse en nagraadse studente wat studeer of navorsing wil doen in 'n Nederlandse dissipline of wat navorsing wil doen op 'n terrein waar die betrekkinge met Nederland 'n rol speel, of studente van Nederlandse afkoms (ouerskap).

Aansoek:

<http://www.ewijckfoundation.co.za> / of kontak die Sekretaris by nieuwoudt0@absamail.co.za

Besonderhede:

- Hierdie navorsing of studie behels ook studies aan Nederlandse universiteite of goedgekeurde instellings.
- Suksesvolle aansoekers sal sekere bewyse moet lewer, soos bewyse van inskrywing as student, of bewys van 'n uitnodiging of aanvaarding by 'n Nederlandse universiteit of instelling.

Sluitingsdatum:

- Sluitingsdatum vir aansoek vir die volgende kalenderjaar is 31 Oktober.
- Tussentydse aansoek word ook oorweeg.

Wheatfield Estate Foundation Trust

Wie kwalifiseer?

Voornemende eerstejaarstudente met minstens 'n gemiddelde C-simbool in matriek gehandhaaf

Waarde: Studiegeld

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Jaarliks hernubaar, afhangende van akademiese prestasie en onderhoud.
- Kandidate word aangemoedig om vrywillige werk by welsynsorganisasies te doen of werkstadiaans in hulle studieveld of toekomstige werk te verrig.

2.2 Departement Afrikaans en Nederlands

Scholtz (J du P Scholtz) Aurecon Beurs

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Voorgraadse en voltydse of deeltydse nagraadse beurse.
- Nagraadse studente kan beurse behou vir verdere studie hier of in Nederland na goeddunke van die Universiteit Stellenbosch.

Van Ewijk (Van Ewijk-stigting)

Wie kwalifiseer?

Studente wat studeer aan die Departement Afrikaans en Nederlands by die Universiteit Stellenbosch en wat reeds in hulle Nederlandse studies bewys gelewer het van uitstaande prestasies.

Besonderhede:

- Twee jaarlikse beurse van wisselende bedrade word beskikbaar gestel aan studente wat studeer aan die Departement Afrikaans en Nederlands by die Universiteit Stellenbosch en wat reeds in hulle Nederlandse studies bewys gelewer het van uitstaande prestasies.
- Navrae oor hierdie beurse kan gedoen word by die Departement Afrikaans en Nederlands.
- Die waarde van hierdie beurse word deur die Van Ewijk-stigting geskenk aan die Departement.
- Die Departement besluit self oor die twee kandidate aan wie die toekenning gemaak word op grond van hulle prestasies.
- Kandidate mag nie beide 'n prestasie- én 'n regstreekse studiebeurs van die Van Ewijk-stigting ontvang nie.

2.3 Departement Drama

KAT

Wie kwalifiseer?

Dramastudente vanaf tweede jaar

Aansoek: www.mymaties.com

Pretorius (Anna Pretorius)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan belowende, behoeftige studente

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Musiek
- Voordrag en Drama

2.4 Departement Engels

Louw (The Marilyn Louw Scholarship)

Wie kwalifiseer?

Beurs aan 'n behoeftige en verdienstelike student (veral ten opsigte van akademiese prestasie en sportvaardigheid)

Aansoek: www.mymaties.com

Taute (Babette Taute)

Wie kwalifiseer?

Aansoekers moet finalejaar- of honneursstudente wees.

Aansoek:

Die Trustees: Babette Taute Trust, Sanlam Trust, Posbus 1260, SANLAMHOF 7532

Sluitingsdatum: 1 Oktober

Besonderhede:

- Boekbeurse beskikbaar vir voltydse of deeltydse studie in die Engelse letterkunde of taalkunde. Minstens die helfte van die studieprogram moet regstreeks met die Engelse taal verband hou.
- Beurse beskikbaar vir voltydse finalejaar- en honneursstudente in die Engelse letterkunde of taalkunde. Minstens die helfte van die studieprogram moet regstreeks met die Engelse taal verband hou.

2.5 Departement Maatskaplike Werk

Benadé/Vrouevereniging

Wie kwalifiseer?

- Verdienstelike en behoeftige vrouestudent.
- Studente wat die Departement Maatskaplike Ontwikkeling-beurs van die staat ontvang, kom nie vir die betrokke beurs in aanmerking nie.

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

Geskenk deur mnr D vd M en mev B Benadé van die Strand.

Hofmeyr en De Vos

Wie kwalifiseer?

Behoeftige studente

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

Maatskaplike Werk- en Teologie-losiesbeurse. Beurshouers moet jaarliks heraansoek doen om voortsetting.

Lubbe (AP Lubbe)

Wie kwalifiseer?

Behoeftige en verdienstelike studente. Studente wat die Departement Maatskaplike Ontwikkeling-beurs van die staat ontvang, kom nie vir hierdie beurs in aanmerking nie.

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Maatskaplike Werk.
- 'n Aantal beurse aan behoeftige en verdienstelike studente vir een jaar.
- Beurshouers mag heraansoek doen.

Maatskaplike Werk

Wie kwalifiseer?

- Behoeftige en verdienstelike studente.
- Studente wat die Departement Maatskaplike Ontwikkeling-beurs van die staat ontvang, kom nie vir hierdie beurs in aanmerking nie.

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- 'n Aantal beurse aan behoeftige en verdienstelike studente vir die duur van die studieprogram.
- Toekennings moet só geskied dat daar jaarliks minstens een beurs as nuwe toekenning is.

Meaker (Cato Meaker)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike en/of behoeftige studente (voorgraads én nagraads) in enige studierigting, met voorkeur aan studente in Maatskaplike Werk.

Aansoek:

www.mymaties.com [Hoof: Voorgraadse Beurse of Hoof: Nagraadsestudentebefondsing, US]

Waarde: Klasgelde

Besonderhede:

- Die Cato Meaker Studiefonds het ten doel om die Universiteit se streve na groter akademiese uitnemendheid te ondersteun deur finansiële ondersteuning, in die vorm van beurse, aan verdienstelike voorgraadse en/of nagraadse studente te skenk.
- Verdienstelike en/of behoeftige studente sal elke jaar gedurende Desember deur die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings en die Eenheid Nagraadsestudentebefondsing, in samewerking met die Sentrum vir Voornemende Studente, by die Beheerkomitee van die Cato Meaker Studiefonds genomineer word vir goedkeuring.
- Die kandidate moet 'n volle akademiese lading volg en aan die minimum akademiese vereistes van die betrokke program voldoen.
- Beurse kan in opeenvolgende akademiese jare aan dieselfde beurshouer toegeken word, met dien verstande dat die beurshouer elke jaar aan die minimum vereistes vir hertoelating as student voldoen.
- Die beurse kan deel vorm van die pakkette wat aan werwingstudente aangebied word ten einde akademies topstudente na die Universiteit te lok.

Van Enter Krynauw-beursfonds

Wie kwalifiseer?

- Beurse vir behoeftige en verdienstelike studente (met voorkeur aan weeskinders).
- Studente wat die Departement Maatskaplike Ontwikkeling-beurs van die staat ontvang, kom nie vir hierdie beurs in aanmerking nie.

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

Moet jaarliks heraansoek doen

2.6 Departement Musiek

Bowman (Lionel Bowman-prys/beurs)

Wie kwalifiseer?

Een prys/beurs word jaarliks toegeken aan 'n voorgraadse student vir die beste vertolking van 'n volledige soloklavierwerk van Beethoven.

Aansoek:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde:

Ongeveer R2 500-R3 000

Besonderhede:

Aansoekers moet in die openbaar 'n volledige werk van Beethoven voor beoordelaars uitvoer.

Chapman (Myra Chapman Educational Trust)

Aansoek:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum:

31 Oktober van die voorafgaande studiejaar

Besonderhede:

- Die voorgraadse beurse kan vir 'n maksimum van drie jaar en die nagraadse beurse vir 'n maksimum van twee jaar aan dieselfde kandidaat of kandidate toegeken word.
- Elke jaar moet opnuut aansoek gedoen word.
- Die toekenning geskied in oorleg met die Dept. Musiek. Indien geen gesikte nagraadse kandidate kwalifiseer nie, kan die totale bedrag vir voorgraadse studente aangewend word.

Cluver (Betsie Cluver)

Wie kwalifiseer?

BMus-student wat in sy derde studiejaar die beste prestasie in klavier as hoofinstrument behaal het.

Aansoek: Geen aansoek

Waarde: R2 000

Coetzee (JC Coetzee-beurse vir Kerkkorrelspel)

Wie kwalifiseer?

Orrelstudente wat hulle as kerkkorreliste wil bekwaam

Aansoeke:

Die Voorsitter: Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum:

31 Oktober van die voorafgaande studiejaar

Waarde:

Ongeveer R4 000 elk

Besonderhede:

'n Aantal merietebeurse beskikbaar gestel deur die NG Kerk in Suid-Afrika

Elphick (Edna Elphick)

Wie kwalifiseer?

- Ingeskrewe of voornemende studente (voltyds of deeltyds), asook oudstudente van die Konservatorium.
- Mededingers mag nie ouer as 25 jaar wees op 30 September van die jaar waarin deelgeneem word nie.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum: 30 September

Besonderhede:

- Tjello. Een beurs word beskikbaar gestel.
- Die toekenning geskied op grond van mededinging.
- Aansoekers moet in die openbaar 'n kort konsertprogram voor beoordelaars uitvoer. Toekenning sal net geskied indien die standaard bevredigend is.
- Die geld moet aangewend word vir studie aan die Konservatorium, of vir buitelandse studie aan 'n goedgekeurde instelling.

FAK-seniormusiekbeurs

Aansoeke:

Uitvoerende Beämpte, FAK, Posbus 2655, BROOKLYN SQUARE 0075

Sluitingsdatum: 15 November

Waarde: R7 000

Franken (JLM Franken)

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n besonder verdienstelike voltydse musiekstudent – enige spesialisering.

Aansoek:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum:

31 Oktober van die voorafgaande studiejaar

Waarde: R3 000

Besonderhede:

Boedel wyle mev LEF Rosser

Hartman (Anton Hartman)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike voor- of nagraadse studente in enige musiekrichting

Aansoek:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum:

31 Oktober van die voorafgaande studiejaar

Waarde: R2 500

Besonderhede:

- Indien 'n beurshouer sy studie a.g.v. swak prestasie staak, is alle beursgeld met rente teen die heersende rentekoers terugbetaalbaar.
- Toekenning geskied in oorleg met die Dept. Musiek en Santamtrust.

Hendrikz (Hilda Hendrikz)

Wie kwalifiseer?

Verdienstelike voor- of nagraadse studente in sang.

Aansoek:

Die Voorsitter: Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Laetitia Morkel Beursfonds

Wie kwalifiseer?

Behoeftige BMus studente wat ook akademies verdienstelik is.

Waarde:

Gelykstaande aan klasgelde

Besonderhede:

- Hierdie beurs is toegeken aan BMus studente wat uitstekend in klavier presteer.
- Studente sal deur die Departement Musiek oorweeg word vir goedkeuring.

Pretorius (Anna Pretorius)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan belowende, behoeftige studente

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Musiek
- Voordrag en Drama

Quick (Mabel Quick)

Wie kwalifiseer?

- Voornemende of ingeskreve voltydse musiekstudente.
- Mededingers om 'n beurs vir sang mag nie ouer as 23 jaar wees op 30 September van die jaar waarin deelgeneem word nie.
- Vorige wenner mag nie weer deelneem nie.

Aansoek:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: ongeveer R4 000 elk

Besonderhede:

- Twee beurse. Een beurs is vir sang, die ander vir enige musiekinstrument.
- Toekenning geskied op 'n basis van mededeling.
- Aansoekers moet in die openbaar 'n kort program voor beoordelaars uitvoer.
- Daar sal van wenner verwag word om sang of die bepaalde musiekinstrument waarmee hulle gewen het, as hoofstudierigting in die daaropvolgende studiejaar/studiejare aan te bied.

Roos (Gideon Roos-beursfonds)

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- 'n Ester Mentz-beurs vir studie in musiek (veral sang) om aan die Universiteit Stellenbosch te studeer.
- 'n Gideon Roos-beurs vir studie in wetenskap, regte of klassieke tale om aan die Universiteit Stellenbosch te studeer.

Smallie

Wie kwalifiseer?

Besonder verdienstelike voltydse musiekstudent(e) in klavier, viool of sang

Aansoek:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Besonderhede:

- Een of twee beurse word jaarliks vir 'n maksimum tydperk van twee jaar toegeken.
- Die toekenning word deur die Voorsitter van die Departement Musiek gedoen. Boedel wyle me LE Smallie.

Stellenbosch Boere-orkes

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n verdienstelike en behoeftige student

Aansoek: www.mymaties.com

Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie (SAMRO)

Wie kwalifiseer?

- Komposisiestudie in Suider-Afrika.
- Studie met musiekkomposisie as hoofvak in die Westerse kuns-/koormusiek- of jazz/"populêre" musiekgenres.
- Die beurs is slegs van toepassing op burgers van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho en Swaziland.

Aansoek:

www.samrofoundation.org.za; Open 1 Desember

Waarde:

- Derde, vierde of honneursjaar: R9 000
- Meesters- en doktorsgrade: R9 000

Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie (SAMRO)

Wie kwalifiseer?

- Slegs studente wat aanvaar is vir die eerste of tweede jaar met musiek as hoofvak in enige algemene rigting in die Westerse kuns, jazz/"populêre" of inheemse Suid-Afrikaanse musiekgenres.
- Die beurs is slegs van toepassing op burgers van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho en Swaziland.

Aansoek:

www.samrofoundation.org.za; Open 1 Desember

Waarde: R9 000

Besonderhede:

Voorgraadse beurse vir algemene musiekstudie in Suider-Afrika

Suider-Afrikaanse Musiekregte-organisasie (SAMRO)

Wie kwalifiseer?

- Slegs studente wat aanvaar is vir die 3de of 4de jaar van studie met Musiekonderrig en/of Klasmusiekonderrig as hoofvak in die Westerse kunsmusiek- of “populêre” musiekgenres.
- Die beurs is slegs van toepassing op burgers van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho en Swaziland.

Aansoeke:

www.samrofoundation.org.za; Open 1 Desember

Waarde: R9 000

Besonderhede:

Voorgraadse beurse vir Musiekonderrig/Klasmusiekonderrig in Suider-Afrika

Universiteit Stellenbosch Vroueevereniging

Wie kwalifiseer?

- Een van hierdie beurse word aan 'n verdienstelike finalejaarstudent in 'n opvoedingsrigting toegeken. Die toekenning berus op studieresultate en ander prestasies van die voorafgaande studiejare en word sonder aansoek toegeken.
- Die tweede beurs word aan 'n verdienstelike derdejaarstudent vir voordrag (enige instrument of sang) toegeken. Aansoekers moet teen die einde van hulle tweede studiejaar 'n kort openbare program voor beoordelaars uitvoer.

Aansoeke:

Die Voorsitter, Dept. Musiek, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: R3 000 elk

Besonderhede:

Uit 'n skenking van die US Vroueevereniging word jaarliks twee studiebeurse aan musiekstudente toegeken.

Vereniging van Volksang en Musiek

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n verdienstelike en behoeftige student.

Aansoeke: www.mymaties.com

2.7 Departement Visuele Kunste

Canitz (GP Canitz)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan verdienstelike voor- en nagraadse studente in die skilderkuns.

Aansoeke: www.mymaties.com

Besonderhede:

Studente moet jaarliks aansoek doen.

Laubser (Maggie Laubser) (Plaaslik)

Wie kwalifiseer?

- Nie beskikbaar aan eerstejaarstudente nie.
- Beurse aan behoeftige studente met voorkeur aan studente in die skilderkuns.

Aansoek:

Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings

Besonderhede:

In die reël word meer gevorderde studente in ag geneem.

Laubser (Maggie Laubser) (Oorsee)

Wie kwalifiseer?

Voorwaardes soos vir Maggie Laubser-beurs (plaaslik)

Aansoek:

Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings

Besonderhede:

- Alle aansoekers moet volledige studierekords aanheg.
- Plek van studie, datum van aanvang van studietylperk, asook 'n volledige uiteensetting van voorgenome navorsing moet verskaf word.

3. FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

3.1 Verskeie departemente

Anglo American Coal-beroepsbeurs

Wie kwalifiseer?

- Voltydse studente in Geologie (met Chemie en/of Fisika of Wiskunde as tweede hoofvak of 'n ander vak deur die Korporasie goedgekeur). Mynbou-ingenieurswese, Meganiese, Elektriese (by voorkeur swaarstroom (Elektries)), Metallurgiese /Prosesingenieurswese met mineraalverwerking of Ekstraksie-metallurgie, wat 'n loopbaan in die myne wil volg.
- Aansoekers moet burgers of permanente inwoners van Suid-Afrika wees.

Aansoek:

P/a Careerwise, Posbus 30632, BRAAMFONTEIN 2017

Sluitingsdatum: 15 Junie

Waarde:

- Klas- en losiesgeld plus R8 000 per jaar.
- In die derde studiejaar ook 'n rekenaartoelaag van R10 000.

Besonderhede:

- Daar is 'n verpligting t.o.v. vakansiewerk, sowel as diens aan die AAC/De Beers-groep vir 4 jaar.
- Aansoekers mag nie enige ander beurs of stipendium ontvang waaraan 'n diensverpligting verbonde is nie.

Aurecon Beurs

Wie kwalifiseer?

Beurse word toegeken aan matrikulante, eerste-, tweede- en derdejaar-aansoekers wat Ingenieurswese, BSc, en BIng in Siviele Ingenieurswese, in Elektriese Ingenieurswese, in Meganiese Ingenieurswese en in Chemiese Ingenieurswese studeer.

Aansoeke:

Aansoeke moet aanlyn gedoen word by die onderstaande webadres.

<http://careers.pageuppeople.com/474/caw/en/job/921245/bursary-recruitment-programme-2016-south-africa>

Navrae: bursaries@aurecongroup.com

Waarde:

R90 000 per jaar in 2015 (word van tyd tot tyd hersien), student moet een jaar terug werk vir elke jaar wat befondsing toegestaan is.

Sluitingsdatum: 31 Augustus jaarliks

Dean (NJ Dean)

Wie kwalifiseer?

Tweedejaarstudente

Aansoeke: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regsgeleerdheid en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.
- Beurs aan tweedejaarstudente vir 'n tydperk van hoogstens 3 jaar.

Du Preez (JW du Preez)

Wie kwalifiseer?

- Aan verdienstelike, hardwerkende en behoeftige studente in die Natuurwetenskappe en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe;
- Vanaf die tweede studiejaar.

Aansoeke: www.mymaties.com

Besonderhede:

Voortsetting van die beurs vir die volle duur van die studieprogram afhanklik van bevredigende vordering

Federale Volksbeleggings

Aansoeke: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Ingenieurswese, Natuurwetenskappe en Regsgeleerdheid.
- Een beurs vir die duur van die studieprogram – derhalwe nie noodwendig elke jaar beskikbaar nie.

Jones (Levi en Bessie Jones)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan behoeftige en verdienstelike studente

Aansoeke: www.mymaties.com

Kleyweg (Die Kleyweg Opvoedkundige Trust)

Wie kwalifiseer?

Ekonomies en opvoedkundig benadeelde studente in die Ingenieurswese of Natuurwetenskappe.

Aansoeke: www.mymaties.com

Roos (Gideon Roos-beursfonds)

Aansoeke: www.mymaties.com

Besonderhede:

- 'n Ester Mentz-beurs vir studie in musiek (veral sang) om aan die Universiteit Stellenbosch te studeer.
- 'n Gideon Roos-beurs vir studie in wetenskap, regte of klassieke tale om aan die Universiteit Stellenbosch te studeer.

Stighlingh-gedenkbeurs (Vereniging van Staatsamptenare van SA)

Wie kwalifiseer?

Staatsamptenare of lede en kinders van lede wat reeds 12 maande in die Staatsdiens of lid van die Vereniging is.

- Waar van toepassing, moet bewyse van ampte van beide biologiese ouers ingehandig word as bevestiging.
- Studente moes reeds die eerste akademiese jaar suksesvol voltooi het.

Aansoeke: www.mymaties.com

Waarde: R3 000

Besonderhede:

- Natuurwetenskappe of Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.
- Afhanglik van suksesvolle voltooiing van die eerste akademiese jaar.

3.2 Departement Aardwetenskappe

BHP Billiton Energy Coal

Wie kwalifiseer?

- Myningenieurswese,
- Mynopmeting,
- Ekstraktiewe Metallurgie,
- Meganiese of Elektriese (H/S) Ingenieurswese,
- Geologie met een van die volgende hoofvakke: Chemie, Geofisika, Fisika, Aardwetenskap, Wiskunde of Wiskundige Statistiek. (Universiteitstudie in Geologie moet tot honneursvlak gevoer word.).
- Alle graad 12 (st.10)-leerders met minstens 'n 6-simbool in Wiskunde (hoër graad) en Wetenskap (hoër graad), of universiteit- of universiteit van tegnologie-studente, kan aansoek doen.

Aansoek:

BHP Billiton Energy Coal, Posbus 30632, BRAAMFONTEIN 2017; Faks: 086 602 8919

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

Onderriggeld, koshuis- en persoonlike toelaag, met werkverpligting teenoor Energy Coal

Besonderhede:

Beurshouers het 'n werkverpligting van ses maande vir elke jaar wat hulle 'n beurs ontvang het teenoor Energy Coal, of hulle kan die beurskoste wat Ingwe aangegaan het terugbetaal.

Gold Fields Beperk

Wie kwalifiseer?

Suid-Afrikaner wat voltyds studeer en akademies goed vorder vanaf die tweede jaar van 'n B-graad in Myningenieurswese, Elektriese Ingenieurswese, Meganiese Ingenieurswese, Metallurgiese Ingenieurswese en Honneurs-BSc in Geologie

Aansoek:

Die Beursbeampte, Gold Fields Academic, Privaat Sak X11, WESTONARIA 1780; Tel.: 011 752 1145 Faks: 011 752 1887; E-pos: jolene.pienaar@goldfields.co.za

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

- Onderriggeld plus R19 440 vir lewenskoste en 'n persoonlike toelaag van ongeveer R10 800.
- 'n Eenmalige rekenaartoelaag vanaf die tweede jaar word voorsien.

Besonderhede:

Daar word van beurshouers verwag om een jaar lank vir die maatskappy te werk (slegs mynbou) voordat hulle begin studeer.

Kumba Iron Ore

Aansoeke:

www.kumba.co.za; E-pos:bursars@angloamerican.com; Tel.: 012 683 7108

Sluitingsdatum: 30 April

Waarde:

Klas- en losiesgeld, boek-, rekenaar- en sakrekenaartoelaag

Besonderhede:

Ingenieurswese (Elektries, Meganies, Siviell, Metallurgies, Mynbou) of BSc (Geologie)

Mintek (Raad vir Mineraaltegnologie)

Aansoeke: www.mintek.co.za

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

Registrasie- en klasgeld en 'n boeketoelaag plus koshuisgeld of die ekwivalent daarvan vir akkommodasie.

Besonderhede:

- Prosesingenieurswese, Fisiiese Metallurgie, Ekstraksiemetallurgie, Elektroniese Ingenieurswese (swakstroom), Metallurgiese Ingenieurswese, Mineralogie en Geologie.
- Die beurs word toegeken vir die volle duur van die onderrigprogram (maksimum 4 jaar).
- Diensverpligtinge van een jaar vir elke jaar wat die beurs gebruik word.

Samancor

Wie kwalifiseer?

Kandidate moet in Wiskunde sowel as Wetenskap minstens 'n C-simbool in die hoër graad behaal het.

Aansoeke:

Die Bestuurder, Samancor-beursskema, Posbus 30632, BRAAMFONTEIN 2017; www.samancorcr.com

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

Registrasiegeld, onderriggeld en 'n jaarlikse kontanttoelaag. Studente wat akademies tweede jaar is, kwalifiseer vir 'n rekenaartoelaag.

Besonderhede:

- Beurse kan jaarliks hernu word, afhangend van akademiese prestasie, en word vir hoogstens vier jaar toegeken.
- Vakansiewerk by Samancor of 'n ander werkgewer volgens Samancor se goedkeuring is verpligtend.

- Daar is ook 'n diensverpligting van ses maande vir elke jaar wat die Samancor-beurs gebruik word.
- *Ingenieurswese:* Elektriese (swaarstroom), Meganiese, Proses-, Metallurgiese en Myningenieurswese.
- *Geologie:* BSc met Geologie en een van die volgende as verpligte ander hoofvak: Chemie, Aardwetenskap, Geofisika, Wiskundige Statistiek, Wiskunde of Fisika. Honneursstudie in Geologie is verpligted.

3.3 Departement Chemie en Polimeerwetenskap

Mintek (Raad vir Mineraaltegnologie)

Aansoek: www.mintek.co.za

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

Registrasie- en klasgeld en 'n boeketoelaag plus koshuisgeld of die ekwivalent daarvan vir akkommodasie

Besonderhede:

- Prosesingenieurswese, Fisiiese Metallurgie, Ekstraksiemetallurgie, Elektroniese Ingenieurswese (swakstroom), Metallurgiese Ingenieurswese, Mineralogie en Geologie.
- Die beurs word toegeken vir die volle duur van die onderrigprogram (maksimum 4 jaar).
- Diensverpligte van een jaar vir elke jaar wat die beurs gebruik word.

NECSA

Wie kwalifiseer?

- Voltydse voorgraadse BSc-studente in Chemie en Fisika.
- Voltydse voorgraadse studente in die volgende Ingenieursrigtings: Meganiese, Elektroniese, Bedryfs-, Proses- en Rekenaaringenieurswese.
- Beskikbaar aan matrikulante met 'n minimum C-simbool in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde, asook aan universiteitstudente.

Aansoek:

Die Beurskantoor, Menslike Hulpbronne en Ontwikkeling, Necsa, Posbus 582, PRETORIA 0001

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

- Volle klas-, losies- en etegeld plus boekegeld.
- Hulpverleningskema vir die aankoop van 'n persoonlike rekenaar

SA Brouerye

Wie kwalifiseer?

Studente vanaf eerste studiejaar

Aansoeke:

www.sab.co.za; The Administrator, SAB, PO Box 782178, SANDTON 2146

Sluitingsdatum: 30 Junie

Waarde:

Klas- en losiesgeld en 'n boeketoelaag

Besonderhede:

- Ingenieurswese (Elektriese, Elektroniese, Meganiese, Bedryfs- en Prosesingenieurswese)
- Biochemie
- Mikrobiologie
- Voedselwetenskap
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe – veral Rekeningkunde, Logistiek en BSc (Rekenaarwetenskap)
- Beskikbaar vanaf die eerste studiejaar
- Diensverpligting

Samancor

Wie kwalifiseer?

Kandidate moet in Wiskunde sowel as Wetenskap minstens 'n C-simbool in die hoër graad behaal het.

Aansoeke:

Die Bestuurder, Samancor-beursskema, Posbus 30632, BRAAMFONTEIN 2017;
www.samancorcr.com

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

- Registrasiegeld, onderriggeld en 'n jaarlikse kontanttoelaag.
- Studente wat akademies tweede jaar is, kwalifiseer vir 'n rekenaartoelaag.

Besonderhede:

- Beurse kan jaarliks hernu word, afhangend van akademiese prestasie, en word vir hoogstens vier jaar toegeken.
- Vakansiewerk by Samancor of 'n ander werkgewer volgens Samancor se goedkeuring is verpligtend.
- Daar is ook 'n diensverpligting van ses maande vir elke jaar wat die Samancor-beurs gebruik word.
- *Ingenieurswese:* Elektriese (swaarstroom), Meganiese, Proses-, Metallurgiese en Myn-ingenieurswese.

- *Geologie:* BSc met Geologie en een van die volgende as verpligte ander hoofvak: Chemie, Aardwetenskap, Geofisika, Wiskundige Statistiek, Wiskunde of Fisika. Honneursstudie in Geologie is verpligtend.

Sasol

Aansoeke:

Koöperatiewe Beursdienste, Sasol Beperk, Posbus 5486, JOHANNESBURG 2000; Tel.: 011 441 3111; www.sasolbursaries.com

Sluitingsdatum: 28 Februarie

Waarde:

Volle beurs: klas-, losies- en etegeld. Boekiegeld soos deur Sasol bepaal.

Besonderhede:

- Ingenieurswese: Elektroniese, Meganiese, Elektriese, Bedryfs-, Mynbou- en Proses-ingenieurswese. Ook HonsBSc (Chemie), HonsBSc (Geologie), BCom (Logistieke Bestuur), BCom (Informatika), HonsBSc (Analitiese Chemie) en HonsBSc (Geofisika).
- Van die beurshouer word verwag om na afloop van sy studie by die skenker in diens te tree vir dieselfde aantal jare as waarvoor die beurs ontvang is.

Spoornet

Aansoeke:

Die Bestuurder (Menslike Hulpbronne), Spoornet, Privaat Sak X47, JOHANNESBURG 2000

Sluitingsdatum: 15 Mei

Waarde:

Volle betaling van klas- en losiesgeld. Ruim boeketoelaag.

Besonderhede:

- BIng (Siviël, Elektries (swaarstroom), Elektronies, Metallurgies/Materiaal, Bedryfs, Meganies), BCom (Rekeningkunde, Ondernemingsbestuur, Rekenaarwetenskap, Ekonomiese, Bedryfsinligtingstelsels, Informatika, Menslike Hulpbronbestuur, Logistiek, Statistiek, Vervoerekonomie), BSc (Rekenaarwetenskap), BSc (Inligtingstegnologie) en BSc (Landmeetkunde).
- Die beurs word jaarliks hernu ooreenkomsdig akademiese prestasie.
- Dienskontrak.

3.4 Departement Fisika

NECSA

Wie kwalifiseer?

- Voltydse voorgraadse BSc-studente in Chemie en Fisika.
- Voltydse voorgraadse studente in die volgende Ingenieursrigtings: Meganiese, Elektroniese, Bedryfs-, Proses- en Rekenaaringenieurswese.
- Beskikbaar aan matrikulante met 'n minimum C-simbool in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde, asook aan universiteitstudente.

Aansoek:

Die Beurskantoor, Menslike Hulpbronne en Ontwikkeling, Necsa, Posbus 582, PRETORIA 0001

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

- Volle klas-, losies- en etegeld plus boekiegeld.
- Hulpverleningskema vir die aankoop van 'n persoonlike rekenaar.

Pelteret (Charles Pelteret Opvoedkundige Trust)

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n verdienstelike voor- of nagraadse student wat in een van die ondergenoemde rigtings studeer

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Wiskunde, Fisika, Gesondheidswetenskappe en verwante vakke.
- Studente moet jaarliks heraansoek doen.

Samancor

Wie kwalifiseer?

Kandidate moet in Wiskunde sowel as Wetenskap minstens 'n C-simbool in die hoër graad behaal het.

Aansoek:

Die Bestuurder, Samancor-beursskema, Posbus 30632, BRAAMFONTEIN 20; www.samancorcr.com

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

- Registrasiegeld, onderriggeld en 'n jaarlikse kontanttoelaag.
- Studente wat akademies tweede jaar is, kwalifiseer vir 'n rekenaartoelaag.

Besonderhede:

- Beurse kan jaarliks hernu word, afhangend van akademiese prestasie, en word vir hoogstens vier jaar toegeken.

- Vakansiewerk by Samancor of 'n ander werkgewer volgens Samancor se goedkeuring is verpligtend.
- Daar is ook 'n diensverpligting van ses maande vir elke jaar wat die Samancor-beurs gebruik word.
- *Ingenieurswese:* Elektriese (swaarstroom), Meganiese, Proses-, Metallurgiese en Myningenieurswese.
- *Geologie:* BSc met Geologie en een van die volgende as verpligte ander hoofvak: Chemie, Aardwetenskap, Geofisika, Wiskundige Statistiek, Wiskunde of Fisika. Honneursstudie in Geologie is verpligtend.

Schumann (AW Schumann)

Wie kwalifiseer?

- Voorkeur aan voorgraadse studente in Fisika en/of Wiskunde.
- Afstammelinge geniet voorkeur waar alles gelyk is. 'n Uiteensetting van die familieverband moet verstrek word.

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

Vir die duur van die studieprogram, maar nie langer as drie jaar nie

3.5 Departement Plant-en Dierkunde

Green (SP Green)

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n verdienstelike en behoeftige student.

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede: Dierkunde

3.6 Departement Wiskundige Wetenskappe

Pelteret (Charles Pelteret Opvoedkundige Trust)

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n verdienstelike voor- of nagraadse student wat in een van die ondergenoemde rigtings studeer

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Wiskunde, Fisika, Gesondheidswetenskappe en verwante vakke.
- Studente moet jaarliks heraansoek doen.

Sasol

Aansoeke:

Koöperatiewe Beursdienste, Sasol Beperk, Posbus 5486, JOHANNESBURG 2000; Tel.: 011 441 3111; www.sasolbursaries.com

Sluitingsdatum: 28 Februarie

Waarde:

- Volle beurs: klas-, losies- en etegeld.
- Boekegeld soos deur Sasol bepaal.

Besonderhede:

- Ingenieurswese: Elektroniese, Meganiese, Elektriese, Bedryfs-, Mynbou- en Proses-ingenieurswese.
- HonsBSc (Chemie), HonsBSc (Geologie), BCom (Logistieke Bestuur), BCom (Informatika), HonsBSc (Analitiese Chemie) en HonsBSc (Geofisika).
- Van die beurshouer word verwag om na afloop van sy studie by die skenker in diens te tree vir dieselfde aantal jare as waarvoor die beurs ontvang is.

Schumann (AW Schumann)

Wie kwalifiseer?

- Voorkeur aan voorgraadse studente in Fisika en/of Wiskunde.
- Afstammelinge geniet voorkeur waar alles gelyk is.
- 'n Uiteensetting van die familieverband moet verstrek word.

Aansoeke: www.mymaties.com

Besonderhede:

Vir die duur van die studieprogram, maar nie langer as drie jaar nie.

Spoornet

Aansoeke:

Die Bestuurder (Menslike Hulpbronne), Spoornet, Privaat Sak X47, JOHANNESBURG 2000

Sluitingsdatum: 15 Mei

Waarde:

Volle betaling van klas- en losiesgeld. Ruim boeketoelaag.

Besonderhede:

- BIng (Siviël, Elektries (swaarstroom), Elektronies, Metallurgies/ Materiaal, Bedryfs, Meganies), BCom (Rekeningkunde, Ondernemingsbestuur, Rekenaarwetenskap, Ekonomie, Bedryfsinligtingstelsels, Informatika, Menslike Hulpbronbestuur, Logistiek, Statistiek, Vervoereconomie), BSc (Rekenaarwetenskap), BSc (Inligtingstegnologie) en BSc (Landmeetkunde).
- Die beurs word jaarliks hernu ooreenkomsdig akademiese prestasie. Dienskontrak.

Telkom SA BPK (Inligtingstegnologie)

Aansoek:

Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne en Administrasie, Inligtingstegnologie, Privaat Sak X145,
PRETORIA 0001

Sluitingsdatum: 31 Augustus

Waarde:

Werklike uitgawe plus R3 000 per jaar

Besonderhede:

- BSc (Rekenaarwetenskap).
- Die toekenning geld vir studie op honneursvlak (4de studiejaar) in enige vakgebied in die Natuurwetenskappe of Ingenieurswese.
- Aansoeke moet die volgende insluit: een bladsy motivering, *curriculum vitae* met name van twee referente, 'n ampelike akademiese rekord en besonderhede (name en bedrae) van ander beurse waarvoor aansoek gedoen is.
- Daar sal van suksesvolle kandidate verwag word om aktief betrokke te raak by SAWISE (South African Women in Science and Engineering).

9.2 Departement Bedryfsingenieurswese

Sasol

Aansoek:

Koöperatiewe Beursdienste, Sasol Beperk, Posbus 5486, JOHANNESBURG 2000; Tel.: 011 441 3111; www.sasolbursaries.com

Sluitingsdatum: 28 Februarie

Waarde:

Volle beurs: klas-, losies- en etegeld. Boekiegeld soos deur Sasol bepaal.

Besonderhede:

- Ingenieurswese: Elektroniese, Meganiese, Elektriese, Bedryfs-, Mynbou- en Proses-ingenieurswese. Ook HonsBSc (Chemie), HonsBSc (Geologie), BCom (Logistieke Bestuur), BCom (Informatika), HonsBSc (Analitiese Chemie) en HonsBSc (Geofisika).
- Van die beurshouer word verwag om na afloop van sy studie by die skenker in diens te tree vir dieselfde aantal jare as waarvoor die beurs ontvang is.

9.3 Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese

La Grange (Philip La Grange)

Wie kwalifiseer?

Studente wat inskryf vir 'n magistergraad.

Aansoek:

Die Bestuurder: Nagraadsestudentebefondsing, US

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar.

Besonderhede:

Een beurs van tyd tot tyd uit die dividendopbrengs van 'n belegging van R15 000.

Mintek

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente vir navorsing in Prosesingenieurswese, Organiese en Anorganiese Chemie, Elektriese of Elektroniese Ingenieurswese, Geologie, Metallurgiese Ingenieurswese (Ekstraksie, Piro of Fisiës) en Mineralogie.

Aansoek:

Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne, Opleiding en Ontwikkeling, Mintek, Privaat Sak X3015, RANDBURG 2125

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

- Word jaarliks vasgestel.
- Die waarde van 'n beurs in die B-skema is twee derdes van die waarde van 'n A-skema-beurs.

Besonderhede:

- Die navorsingsprojek moet deur Mintek goedgekeur word.
- Volgens die A-skema moet 'n beurshouer vir 'n aanenlopende tydperk van een jaar in die diens van Mintek bly vir elke studiejaar wat geborg word.
- Die B-skema behels geen kontraktuele verpligting nie.
- Die tipe skema wat aangebied word, word deur Mintek bepaal.

SA Brouery

Wie kwalifiseer?

Studente vanaf eerste studiejaar

Aansoek:

The Administrator, SAB, PO Box 782178, SANDTON 2146

Sluitingsdatum: 30 Junie

Waarde:

Klas- en losiesgeld en 'n boeketoelaag

Besonderhede:

- Ingenieurswese (Elektriese, Elektroniese, Meganiese, Bedryfs- en Prosesingenieurswese), Biochemie, Mikrobiologie, Voedselwetenskap, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, veral Rekeningkunde, Logistiek en BSc (Rekenaarwetenskap).
- Beskikbaar vanaf die eerste studiejaar.
- Diensverpligting.

SAAB South Africa (Pty) Ltd

Aansoeke:

Menslike Hulpbronne, Sakesteun, Posbus 8792, CENTURION 0046

Sluitingsdatum: 31 Julie

Waarde:

Klas- en losiesgeld asook 'n boeketoelaag word betaal.

Besonderhede:

'n Aantal beurse vir studente in Elektroniese Ingenieurswese is beskikbaar met verpligte ten opsigte van diensaanvaarding en vakansiewerk.

9.4 Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese

Kumba Iron Ore

Aansoeke:

Die Beursafdeling, Kumba Iron Ore, Posbus 9679, CENTURION 0046

Tel.: 012 683 7108

Sluitingsdatum: 30 April

Waarde:

Klas- en losiesgeld, boek-, rekenaar- en sakrekenaartoelaag

Besonderhede:

Ingenieurswese (Elektries, Meganies, Siviels, Metallurgies, Mynbou) of BSc (Geologie)

Louw (Tienie Louw)

Wie kwalifiseer?

By voorkeur aan begaafde studente

Aansoeke:

Die Bestuurder: Nagraadsestudentebefondsing, US

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse

Besonderhede:

- Lugvaartkundige Ingenieurswese.
- Nagraadse beurse vir studie in die RSA of in die buiteland.
- Aansoek moet vergesel word van 'n aanbeveling van die studieleier/promotor en 'n amptelike studierekord.

SA Brouerye

Wie kwalifiseer?

Studente vanaf eerste studiejaar

Aansoek:

The Administrator, SAB, PO Box 782178, SANDTON 2146

Sluitingsdatum: 30 Junie

Waarde:

Klas- en losiesgeld en 'n boeketoelaag

Besonderhede:

- Ingenieurswese (Elektriese, Elektroniese, Meganiese, Bedryfs- en Proses-ingenieurswese), Biochemie, Mikrobiologie, Voedselwetenskap, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, veral Rekeningkunde, Logistiek en BSc (Rekenaarwetenskap).
- Beskikbaar vanaf die eerste studiejaar.
- Diensverpligting.

9.5 Departement Prosesingenieurswese

BHP Billiton Energy Coal

Wie kwalifiseer?

- Myningenieurswese, Mynopmeting, Ekstraktiewe Metallurgie, Meganiese of Elektriese (H/S) Ingenieurswese, Geologie met een van die volgende hoofvakke: Chemie, Geofisika, Fisika, Aardwetenskap, Wiskunde of Wiskundige Statistiek. (Universiteitstudie in Geologie moet tot honneursvlak gevoer word.)
- Alle graad 12 (st.10)-leerders met minstens 'n 6-simbool in Wiskunde (hoër graad) en Wetenskap (hoër graad), of universiteit- of universiteit van tegnologie-studente, kan aansoek doen.

Aansoek:

BHP Billiton Energy Coal, Posbus 30632, BRAAMFONTEIN 2017; Faks: 086 602 8919

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

Onderriggeld, koshuis- en persoonlike toelaag, met werkverpligting teenoor Energy Coal

Besonderhede:

Beurshouers het 'n werkverpligting van ses maande vir elke jaar wat hulle 'n beurs ontvang het teenoor Energy Coal, of hulle kan die beurskoste wat Ingwe aangegaan het terugbetaal.

Korrosie-instituut vir Suidelike Afrika

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente wat navorsing op die gebied van korrosie of korrosiebeheer doen

Aansoeke:

Die Sekretaris, Korrosie-instituut van Suidelike Afrika, Posbus 966, KELVIN 2054

Sluitingsdatum: 30 April

Mintek

Wie kwalifiseer?

Nagraadse studente vir navorsing in Prosesingenieurswese, Organiese en Anorganiese Chemie, Elektriese of Elektroniese Ingenieurswese, Geologie, Metallurgiese Ingenieurswese (Ekstraksie, Piro of Fisiës) en Mineralogie

Aansoeke:

Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne, Opleiding en Ontwikkeling, Mintek, Privaat Sak X3015, RANDBURG 2125

Sluitingsdatum: 31 Mei

Waarde:

- Word jaarliks vasgestel.
- Die waarde van 'n beurs in die B-skema is twee derdes van die waarde van 'n A-skema-beurs.

Besonderhede:

- Die navorsingsprojek moet deur Mintek goedgekeur word.
- Volgens die A-skema moet 'n beurshouer vir 'n aanenlopende tydperk van een jaar in die diens van Mintek bly vir elke studiejaar wat geborg word.
- Die B-skema behels geen kontrakuele verpligting nie.
- Die tipe skema wat aangebied word, word deur Mintek bepaal.

Departement Prosesingenieurswese en Mineraalprosessering

Wie kwalifiseer?

Beskikbaar aan voltydse of deeltydse magister- of doktorale studente of personeelde in die Departement Prosesingenieurswese vir 'n termyn van een jaar.

Aansoeke:

Voorsitter, Dept. Prosesingenieurswese, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602; E-pos: mwilken@sun.ac.za

Sluitingsdatum: Geen

Besonderhede:

- Geen diensverpligting nie.
- Kan saam met ander beurse gehou word.
- Voorkeur aan behoeftige studente.

Sasol/Stellenbosch 2020

Wie kwalifiseer?

- Voltydse nagraadse studente op grond van akademiese prestasie asook veelsydigheid op ander terreine.
- Vir honneurs-, magister- of doktorale studie in Chemie of Prosesingenieurswese.

Aansoek:

Die Bestuurder: Nagraadsestudentebefondsing, US

Sluitingsdatum: 15 Maart

Besonderhede:

- Hierdie beurse mag saam met NNS-beurse gehou word.
- Aansoek moet skriftelik in Engels in die vorm van 'n memorandum ingelewer word. (Volle name, identiteitsnommer, studieprogram, skole bygewoon, kulturele of studenteaktiwiteite, ens. moet vermeld word.)
- 'n Skriftelike aanbeveling van die studieleier of promotor moet ook aangeheg word.
- Toekennings word in oorleg met Sasol gemaak.

10. FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

10.1 Verskeie departemente

Brink & De Kock

Aansoek:

Die Bestuurder: Nagraadsestudentebefondsing, US

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse

Besonderhede:

Vir nagraadse studies in Kardiologie of Pulmonologie

De Klerk (DP de Klerk)

Aansoek:

Die Bestuurder: Nagraadsestudentebefondsing, US

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande studiejaar

Waarde:

Wisselend en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse

Besonderhede:

'n Beurs, of beurse, vir 'n studiereis na die buiteland of vir navorsing in Urologie of Lettere alternatiewelik.

Fuchs (Carl en Emily Fuchs Oorsese Beurs)

Wie kwalifiseer?

Doktorale student met uitnemende akademiese prestasies vir voltydse studie aan 'n toonaangewende oorsese universiteit in die wetenskap, tegnologie, ekonomiese, finansiële, besigheidsbestuur, menslike gesondheid of opvoedkunde.

Aansoeke:

The Senior Assistant Registrar, (Financial Aid and Scholarships), University of the Witwatersrand, Private Bag 3, WITS 2050

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde: R100 000

Besonderhede:

- Beurshouers moet na verwerwing van die graad in die buiteland vir minstens vier jaar na die RSA terugkeer.
- Beurstoeckennings kan by heraansoek vir 'n verdere jaar hernu word, afhangende van bevredigende vordering.
- Aansoekers wat die kortlys haal, moet tussen 20 en 30 November van die jaar wat die studiejaar voorafgaan vir 'n onderhoud beskikbaar wees.

Maree-Stander (AM Maree-Stander)

Aansoeke:

Die Bestuurder, Nagraadsestudentebefondsing, US

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember

Besonderhede:

Vir nagraadse studie in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe met kankernavorsing as onderwerp.

McIntosh (Dr McIntosh-trust)

Wie kwalifiseer?

- Mediese studente van Britse herkoms.
- Voorkeur aan liggaaamlik gestremde mans.
- Moet bereid wees om na kwalifisering minstens tien jaar lank navorsing te doen

Aansoeke:

BOE Trust Ltd, Posbus 86, KAAPSTAD 8000

Sluitingsdatum: 31 Julie

Besonderhede:

As die student nie navorsing doen nie, moet 10% van die toekenning per jaar aan die trustees betaal word.

Mediese Navorsingsraad (MNR)

Nadoktorale Beurse vir Navorsingsopleiding in Suid-Afrika

Wie kwalifiseer?

Die MNR bied beurse vir nadoktorale opleiding in Gesondheidswetenskappe vir aansoekers onder die ouderdom van 50 jaar wat oor 'n navorsingsdoktoraat in 'n goedgekeurde veld van Gesondheidswetenskappe beskik.

Aansoeke:

Koördineerder: Nadoktorale navorsingsontwikkeling, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum: 15 September

Waarde:

- 1ste jaar nadoktorale wetenskaplike: R120 000 per jaar, belastingvry.
- 2de jaar nadoktorale wetenskaplike: R130 000 per jaar, belastingvry.
- 3de jaar nadoktorale wetenskaplike: R150 000 per jaar, belastingvry.

Besonderhede:

Beurse kan vir 'n tweede jaar hernu word.

Mediese Navorsingsraad (MNR)

Opleidingsbeurs vir mediese dokters of tandartse

Wie kwalifiseer?

- Die MNR bied navorsingsopleidingsbeurse aan kandidate wat onlangs 'n MB,ChB graad behaal het en wat by die Raad vir Gesondheidsberoep van Suid-Afrika geregistreer is.
- Hulle moet reeds hulle internskap en gemeenskapsdiens voltooi het en belangstel daarin om voltyds voort te gaan met navorsingsopleiding in 'n gevestigde gesondheidsnavorsingsomgewing in Suid-Afrika.

Aansoeke:

Die Hoof: Navorsingskaspasiteitsontwikkeling en Befondsingsgeleenhede, Navorsingsontwikkeling en -steun, Posbus 19063, TYGERBERG 7505

Sluitingsdatum: 15 Oktober

Waarde: R120 000

Besonderhede:

- Beurse word vir een kalenderjaar per keer toegeken.
- Suksesvolle aansoekers mag aansoek doen om hernuwing van die beurse vir 'n tweede en derde jaar, wat in kompetisie met al die ander aansoeke oorweeg sal word.
- Voorkeur sal gegee word aan aansoekers wat geregistreer het vir 'n nagraadse kwalifikasie.

Mediese Navorsingsraad (MNR)

Navorsingsopleidingsbeurse vir die Aanvullende Gesondheidsberoep en Verpleegsters

Wie kwalifiseer?

- Die MNR het 'n kategorie van navorsingsopleidingsbeurse ingestel om 'n geleentheid te skep vir verpleegsters en die aanvullende gesondheidsberoep wat voltydse navorsingsopleiding in 'n gevestigde gesondheidsnavorsingsomgewing in Suid-Afrika wil onderraan.
- Aansoekers moet in besit wees van 'n honneursgraad of ekwivalent.

Aansoeke:

Die Hoof: Navorsingskapasiteitsontwikkeling en Befondsingsgeleenthede, Navorsingsontwikkeling en -steun, Posbus 19063, TYGERBERG 7505

Sluitingsdatum: 15 September

Waarde:

- R50 000 (Meestersgraad) per jaar, belastingvry
- R60 000 (Doktoraal) per jaar, belastingvry

Besonderhede:

- Beurse word vir 'n jaar toegeken.
- Suksesvolle aansoekers mag aansoek doen om hernuwing van die beurs vir 'n tweede en derde jaar, wat in kompetisie met al die ander aansoeke oorweeg sal word.
- Voorkeur sal gegee word aan aansoekers wat vir 'n meestersgraad of navorsingsdoktraat geregistreer het.

Mediese Navorsingsraad (MNR)

Senior Navorsingsopleidingsgenootskappe in Gesondheidswetenskappe vir Kliniese Assistent en Mediese Spesialiste

Wie kwalifiseer?

Die MNR bied 'n salarisbydrae aan kliniese assistente in hulle finale jaar van opleiding in 'n spesialiteitsveld en mediese spesialiste; Onder die ouderdom van 45 jaar om toegewyde tyd te bestee aan navorsingsopleiding wat kan lei tot 'n skripsie vir MMed, MD of PhD.

Aansoeke:

Die Hoof: Navorsingskapasiteitsontwikkeling en Befondsingsgeleenthede, Navorsingsontwikkeling en -steun, Posbus 19063, TYGERBERG 7505

Sluitingsdatum: 15 Oktober

Waarde:

Salarisbydrae van R150 000

Pelteret (Charles Pelteret Opvoedkundige Trust)

Wie kwalifiseer?

Een beurs aan 'n verdienstelike voor- of nagraadse student wat in een van die ondergenoemde rigtings studeer.

Aansoeke: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Wiskunde, Fisika, Gesondheidswetenskappe en verwante vakke.
- Studente moet jaarliks heraansoek doen.

Roome (William Wallace Roome Trust)

Wie kwalifiseer?

Beurse aan behoeftige, nagraadse, geregistreerde mediese studente

Aansoeke:

Die Bestuurder: Nagraadsestudentebefondsing, US

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember

Snyman (GPJ Snyman)

Besonderhede:

Vir nagraadse studie in psigiatrië

Aansoeke:

Die Bestuurder: Nagraadsestudentebefondsing, US

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande jaar

Strauss (Sankie Strauss)

Besonderhede:

Vir nagraadse studie in Optalmologie

Aansoeke:

Die Bestuurder: Nagraadsestudentebefondsing, US

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande jaar

Stighlingh-gedenkbeurs (Vereniging van Staatsamptenare van SA)

Wie kwalifiseer?

Staatsamptenare of lede en kinders van lede wat reeds 12 maande in diens van die Staatsdiens of lid van die Vereniging is.

Aansoeke: www.mymaties.com

Waarde: R3 000

Besonderhede:

- Natuurwetenskappe of Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.
- Suksesvolle voltooiing van die eerste studiejaar.

Truter (HW Truter)

Besonderhede:

Vir nagraadse studies in psigiatrie

Aansoek:

Die Bestuurder: Nagraadsestudentebefondsing, US

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande jaar

Van Rensburg (Kate van Rensburg)

Besonderhede:

Vir nagraadse studies in verpleegkunde

Aansoek:

Die Bestuurder: Nagraadsestudentebefondsing, US

Sluitingsdatum:

Eerste Vrydag in Desember van die voorafgaande jaar

10.2 Departement Interdissiplinêre Gesondheidswetenskappe

Mediese Navorsingsraad (MNR)

Nadoktorale Beurse vir Navorsingsopleiding in Suid-Afrika

Wie kwalifiseer?

Die MNR bied beurse vir nadoktorale opleiding in Gesondheidswetenskappe vir aansoekers onder die ouderdom van 50 jaar wat oor 'n navorsingsdoktoraat in 'n goedgekeurde veld van Gesondheidswetenskappe beskik.

Aansoek:

Koördineerder: Nadoktorale navorsingsontwikkeling, Privaat Sak X1, MATIELAND 7602

Sluitingsdatum: 15 September

Waarde:

- 1ste jaar nadoktorale wetenskaplike: R120 000 per jaar, belastingvry.
- 2de jaar nadoktorale wetenskaplike: R130 000 per jaar, belastingvry.
- 3de jaar nadoktorale wetenskaplike: R150 000 per jaar, belastingvry.

Besonderhede:

Beurse kan vir 'n tweede jaar hernu word.

LENINGS

Die lenings wat in hierdie afdeling gelys word, is hoofsaaklik vir voorgraadse studente. Nagraadse studente word aangeraai om die Eenheid Nagraadsestudentebefondsing te kontak by 021 808 4208.

Universiteit Stellenbosch se voorgraadse beursleningskema

Waarde:

- Wisselend tussen R5000 en R76000
- Na gelang van elke aansoeker se finansiële behoeftigheid

Aansoek: www.mymaties.com

Basiese voorwaardes en procedure

- Enige studierigting
- Beurslenings aan voorgraadse studente met Suid-Afrikaanse burgerskap
- Toekennings geskied op grond van behoeftigheid en verdienstelikheid, op voorwaarde dat kandidate 'n volle akademiese lading vir elke jaar volg en minstens twee derdes van hul krediete slaag. Die aansoeker is finansieel behoeftig indien die familie nie vir 'n lening by 'n bank kwalifiseer en/of self 'n voldoende bydrae kan maak tot die student se studiekoste nie.
- Studente ontvang finansiële ondersteuning ongeag ras of geslag, in regstreekse verhouding tot hul graad van finansiële behoeftigheid soos met 'n middeleotoets bepaal.
- Die bedrag van die beurslening word deur 'n finansiëlemiddeleotoets bepaal.
- Indien die student enige ander beurs(e) ontvang (bv. 'n US-merietebeurs), sal die bedrag van die beurslening dienooreenkomsdig verminder word of self gekanselleer word. Hierdie vermindering of kansellasié van die beurslening geskied outomaties en studente en ouers sal nie vooraf in kennis gestel word in hierdie verband nie.
- Geen lening sal oorweeg word waar 'n student reeds 'n volkoste beurs ontvang nie.

Die aanwending van fondse

Beurse en/of beurslenings kan slegs aangewend word vir klasgeld, losies (op die kampus of privaat), etes en boekiegeld.

Rentekoers

Rente op die beursleningsbedrag word van jaar tot jaar vasgestel op prima minus 4%.

Beloningsmeganismes

Studente moet 'n volle akademiese lading vir 'n betrokke jaar volg om vir die gedeeltelike omskakeling van hul lening na 'n beurs te kwalifiseer. Vir die bepaling van die jaarlikse afslag op die kapitaalbedrag geleen plus rente betaalbaar geld die volgende:

- **30%** van die lening word omgeskakel in 'n beurs indien 'n student 100% suksesvol studeer, d.w.s. 100% verwerf van die voorgeskrewe krediete van die vakke waarvoor hulle vir die betrokke kalenderjaar geregistreer het.
- **20%** van die lening word omgeskakel in 'n beurs indien 'n student 80-99% suksesvol studeer, d.w.s. 80-99% verwerf van die voorgeskrewe krediete van die vakke waarvoor hulle vir die betrokke kalenderjaar geregistreer het.
- **10%** van die lening word omgeskakel in 'n beurs indien 'n student 65-79% suksesvol studeer, d.w.s. 65-79% verwerf van die voorgeskrewe krediete van die vakke waarvoor hulle vir die betrokke kalenderjaar geregistreer het.
- Indien houers egter minder as 65% suksesvol studeer, kwalifiseer hulle nie vir die omskakeling van enige deel van die beurslening in 'n beurs nie. Sulke studente kom ook nie in die daaropvolgende jaar vir 'n beurslening in aanmerking nie.

Studente in Verlengde Graadprogramme

Houers wat goedgekeurde graadprogramme volg, betaal rente teen prima minus 4% per jaar vanaf die datum van toekenning tot aan die einde van die terugbetaaltermyn, behalwe indien hulle suksesvol studeer soos hierina uiteengesit.

- Houers (in 'n vierjarige verlengde program) wat in die eerste drie studiejare slaag, kwalifiseer vir afslag soos hierbo vermeld.
- Indien sulke houers die verlengde program binne vier jaar voltooi, beloon die nuwe skema hulle soos volg vir hul akademiese sukses:
 - Die helfte van hul vierde jaar se beursleningsbedrag plus die helfte van die rente wat vir die vierde jaar betaalbaar sou wees, word in 'n beurs omgeskakel.
 - Vanaf die einde van hul vierde jaar tot aan die einde van hul terugbetaaltermyn betaal hulle rente teen 'n koers van prima minus 6%.

Moontlike wysigings van koerse en persentasies

Die koers van die rente betaalbaar op die leningsbedrag (bv. prima minus 4%) en die persentasie vir die omskakeling van die kapitaalbedrag plus rente (bv. 30%, 20% of 10%) op 'n beurs, word albei vasgestel vir 'n gegewe jaar. In daaropvolgende jare kan albei egter aangepas word na gelang van verskeie faktore – byvoorbeeld:

- die styling of daling in die prima uitleenkoers,
- die beskikbaarheid van fondse,
- algemene oordele oor behoeftigheid, en
- algemene oordele oor studente se sukseskoers.

Kwytsekelding van rentebetaling vir studerende nagraadse studente

Studente aan wie 'n voorgraadse beurslening toegeken is, betaal geen rente op die leningsbedrag vir die periode wat hulle nagraads verder studeer nie, behalwe indien die nagraadse studie so lank

duur dat 'n spesiale heffing op hulle van toepassing word – in dié geval word rente gehef teen prima minus 4%.

Terugbetaling

- Houers betaal hulle beurslenings terug oor dieselfde aantal jare as waarvoor hulle lenings ontvang het.
- Indien 'n houer agter raak met die terugbetaling van sy beurslening, word rente vir die oorblywende terugbetaaltermyn teen die volle prima koers gehef.

Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS)

Waarde:

Wisselend van R2 000 tot R76000 per jaar volgens die finansiële behoefté, afgerond tot die naaste R500.

Aansoeke: www.nsfas.org.za

Riglyne en prosedure

- Beurslenings aan voorgraadse studente met Suid-Afrikaanse burgerskap in enige studierigting.
- Toekenning geskied op grond van behoeftigheid en verdienstelikheid, op voorwaarde dat studente 'n volle akademiese lading vir elke jaar volg en minstens 50% van die ingeskreve modules slaag.
- Die aansoeker is finansieel behoeftig indien die familie nie vir 'n lening by die bank kwalifiseer nie en/of nie self 'n voldoende bydrae kan maak tot die student se studie nie.
- Studente ontvang finansiële ondersteuning, ongeag ras of geslag, in regstreekse verhouding tot hul graad van finansiële behoeftigheid soos met 'n middeletoets bepaal.

Die aanwending van fondse

- Beurse en/of beurslenings kan slegs aangewend word vir klasgeld, losies (op die kampus of privaat), etes en boekiegeld.
- Alle krediete op 'n student se rekening word aan die einde van die finansiële jaar aan NSFAS terugbetaal.
- In die geval dat die student 'n ander beurs ontvang, moet die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings in kennis gestel word om die bedrag wat toegeken word te verminder.

Rentekoers

Daar word geen rente gehef terwyl die student studeer nie.

Beloningsmeganismes

- Indien 'n student 100% van die vakke waarvoor hy vir 'n bepaalde jaar geregistreer het slaag, kwalifiseer hy vir 'n beurs van 40% van die toegekende bedrag aan die einde van die akademiese jaar as 'n nie-terugbetaalbare beurs.
- Indien 'n student 75% van die ingeskreve vakke slaag, is die beurskomponent 30%

- Indien 'n student 50% van die vakke slaag, is die beurskomponent 20%
- Indien 'n student 25% van die vakke slaag, is die beurskomponent 10%

Terugbetaaling

- Die leningsgedeelte is terugbetaalbaar in die jaar wat volg op die voltooiing van 'n student se studie of die staking daarvan.
- Terugbetaaling geskied eers wanneer die afgestudeerde student se jaarlikse salaris R30 000 of meer beloop.
- Die terugbetaalskoers begin by 3% van 'n jaarlikse salaris van R30 000 en styg lineêr tot 8% van R63 000 per jaar.
- Spesiale wetgewing maak voorsiening dat die werkgewers die verskuldigde bedrag direk van die afgestudeerde student se salaris kan verhaal en aan NSFAS oorbetaal.

ABSA Stellenbosch Studenteleefstylsentrum

Aansoeke:

Absa Stellenbosch Studenteleefstylsentrum (Neelsie). Tel.: 021 809 9300; Faks: 021 809 9334/8

Waarde:

Wisselende bedrae en rentekoerse, afhangende van die jaar van studie, die studieprogram en studente se akademiese prestasie.

Besonderhede:

Absa bied 'n uitsonderlike diens aan studente in die vorm van die Absa-studentelening en verskeie ander studenteprodukte.

Ackermann (Jossie Ackermann)

Aansoeke:

VLV van Kaapland, Posbus 273, STELLENBOSCH 7599

Sluitingsdatum: 15 November

Besonderhede:

- Voedsel- of Tekstielwetenskap.
- VLV-lidmaatskap van moeder/ouma 'n vereiste.

ATKV

Aansoeke:

Die Besturende Direkteur, ATKV, Posbus 4586, RANDBURG 2125; Tel.: 011 919 9000; Faks: 011 886 8939; www.atkv.org.za

Sluitingsdatum: 15 Oktober

Waarde: R15 000 per jaar

Besonderhede:

- ATKV-studielengings word aan ATKV-lede en hul afhanklikes toegeken vir deeltydse en voltydse studie.
- Die rentekoers tydens studie is 3%, en 8% rente word gehef as die student klaar gestudeer het.

Citrusdal-beursleningskema

Aansoek: www.mymaties.com

Waarde:

Wisselend tussen R1 000 en R25 000 per jaar volgens behoefté, afgerond tot die naaste R500.

Besonderhede:

- Enige studierigting.
- Lenings (wat rentevry is vir die duur van studietylperk) aan verdienstelike en behoeftige voltydse voorgraadse studente.
- Aan matrikulante van die Hoërskool Citrusdal wat aan die Universiteit Stellenbosch studeer.
- Toekennings sal gemaak word na gelang van die aansoeker se finansiële posisie en verdienstelikheid.

Conradie (JE Conradie)

Aansoek:

VLV van Kaapland, Posbus 273, STELLENBOSCH 7599

Sluitingsdatum: 15 November

Besonderhede:

- Arbeidsterapie.
- VLV-lidmaatskap van moeder/ouma 'n vereiste.

EDU-LOAN (PTY) LTD

Aansoek:

Edu-Loan, Posbus 3265, MATIELAND 7602 of Edu-Loan-kantoor, Langenhoven studentesentrum (Neelsie); Tel.: 021 882 8150; Faks: 021 882 8590; E-pos: altac@eduloan.co.za

Waarde: Onderhandelbaar

Besonderhede:

- Wanneer jy vir 'n studielening aansoek doen, het jy nie 'n deposito nodig nie en daar is geen verskuilde koste nie.
- Ons betaal direk aan die instansie.
- Die rentekoers waarvoor geteken is, is onveranderd en dus sal jou paaiemente vir die tydperk van die kontrak ook onveranderd bly.
- 'n Familielid of donateur kan namens jou aansoek doen en verskeie kredietkriteria sal van toepassing wees wanneer jy salarisaf trekking as 'n terugbetalingsmetode kies.

Eersterivier-beursleningskema

Aansoeke:

Hierdie beurs het 'n unieke aansoekvorm by www.mymaties.com.

Besonderhede:

- Beurslenings aan behoeftige studente met Afrikaans as huistaal.
- Studente mag die land tydens die terugbetaalingsperiode nie vir 'n tydperk van langer as twee jaar verlaat nie.
- Verdere voorwaardes en vereistes soortgelyk aan die Universiteit Stellenbosch se Voorgraadse Beursleningskema.
- Die koers van die rente betaalbaar op die leningsbedrag (bv. prima minus 4%) en die persentasie vir die omskakeling van die kapitaalbedrag plus rente (bv. 35%, 20% of 10%) op 'n beurs, word albei vasgestel vir 'n gegewe jaar.
- In daaropvolgende jare kan albei aangepas word na gelang van verskeie faktore – byvoorbeeld:
 - die styling of daling in die prima uitleenkoers,
 - die beskikbaarheid van fondse,
 - algemeneoordele oor behoeftigheid, en
 - algemeneoordele oor studente se sukseskoers.

Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Leningsfonds

Wie kwalifiseer?

- MB,ChB-studente in hul 5de of 6de jaar en 4de-jaar-studente in B in Arbeidsterapie, BSc (Dieetkunde), BSc (Fisioterapie) en B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie.
- Nagraadse studente sal geval vir geval oorweeg word.

Aansoeke:

Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Hoof: Sentrum vir Studente-administrasie (Tygerbergkampus).

Waarde:

Wissel na gelang van die student se finansiële behoeftes.

Besonderhede:

- Verdienstelike en/of behoeftige studente sal gedurende die 1ste kwartaal van elke jaar deur die Sentrum vir Studente-administrasie (Tygerberg) aan die Fakulteitsbestuur (Direkteur: Besigheidsbestuur) voorgelê word vir goedkeuring.
- Die kandidate moet aan die minimum akademiese vereistes van die betrokke program voldoen. Lenings kan in opeenvolgende akademiese jare aan dieselfde kandidaat toegeken word (in die geval van MB,ChB) met dien verstande dat die kandidaat elke jaar aan die minimum vereistes vir hertoelating as student voldoen of deur die Hertoelatingsappélkomitee hertoegelaat is tot die program.
- Nadat die lys van studente wat kwalifiseer vir 'n lening deur die Fakulteitsbestuur afgetyk is, sal die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings in samewerking met die Beurskantoor op die Tygerbergkampus die vedere administrasie hanteer.

Rentekoers:

Rente op die beursleningsbedrag word van jaar tot jaar vasgestel op prima koers.

Terugbetaalingstermyn:

- Die leningsbedrag plus rente is betaalbaar oor 12 maande, met die eerste paaiemint in die maand wat volg nadat die student sy/haar studie voltooi het.
- In die geval van 'n MB,ChB-student wat reeds vanaf sy/haar 5de jaar 'n lening ontvang en waar die lening vir twee jaar toegeken is, is die lening terugbetaalbaar oor 2 jaar, met die eerste paaiemint in die maand nadat die student sy/haar studie voltooi het

Sluitingsdatum:

31 Maart van die betrokke akademiese jaar

Fakulteit Ingenieurswese Leningsfonds

Wie kwalifiseer?

Derde- en vierdejaarstudente in alle BIng-programme en nagraadse studente (in uitsonderlike gevalle).

Aansoek:

Fakulteit Ingenieurswese: Fakulteitsbestuurder

Waarde:

Wissel na gelang van die student se finansiële behoefté

Besonderhede:

- Die Fakulteit Ingenieurswese Leningsfonds het ten doel om finansiële ondersteuning in die vorm van lenings aan behoeftige studente te bied.
- 'n Verdienstelike en/of behoeftige student kan voor 31 Maart van die betrokke studiejaar 'n versoek indien vir oorweging om 'n lening te bekom om sy/haar studies by die Fakulteit Ingenieurswese, Stellenbosch Universiteit, voort te sit of te voltooi.
- Die Afdeling Studentegelde en die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings kan ook behoeftige studente identifiseer en aan die Fakulteit voorlê.
- Aansoek moet by die Fakulteitsbestuurder ingedien word tesame met die nodige motivering, gedetailleerde uiteensetting van die jaar se verwagte uitgawes asook inkomstes, en die student se studierekord.
- Addisionele inligting om finansiële behoeftigheid te bewys moet ook ingedien word of mag aangevra word.
- Die Fakulteitsbestuurder sal alle aansoekte oorweeg en 'n aanbeveling aan die Dekaan: Fakulteit Ingenieurswese maak vir finale goedkeuring.
- Die getal lenings wat toegestaan word, sal jaarliks bepaal word deur die bedrag wat die Fakulteit beskikbaar stel vir die doel.
- Die kandidate moet 'n akademiese lading van ten minste 120 krediete, of al die oorblywende krediete vir die betrokke program, in die jaar volg en aan die minimum vereistes vir hertoelating van die betrokke program voldoen.
- Lenings kan in opeenvolgende akademiese jare aan dieselfde kandidaat toegeken word met dien verstande dat die kandidaat elke jaar aan die minimum vereistes vir hertoelating as student voldoen.

- Nadat die lys van studente wat kwalificeer vir 'n lening deur die Fakulteitsbestuur afgeteken is, sal die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings die verdere administrasie hanteer.

Rentekoers:

Rente op die beursleningsbedrag word van jaar tot jaar vasgestel op prima koers.

Terugbetaalingstermyn:

- Die leningsbedrag plus rente is betaalbaar oor 'n ooreengekome getal maande (tipies tussen 12 en 30 maande maksimum), met die eerste paaiemint in die maand nadat die student sy/haar studie voltooi het.
- In die geval van 'n BIng-student wat reeds vanaf sy/haar 3de jaar 'n lening ontvang en waar die lening vir twee jaar toegeken is, is die lening terugbetaalbaar oor 'n maksimum 30 maande, met die eerste paaiemint in die maand nadat die student sy/haar studie voltooi het.

Sluitingsdatum:

31 Maart van die huidige akademiese jaar

Federale AgriWetenskappe-beursleningskema

Aansoek: www.mymaties.com

Waarde:

Wisselend van R1 000 tot R25 000, afgerond tot die naaste R500

Besonderhede:

- AgriWetenskappe.
- Lenings aan behoeftige en verdienstelike voorgraadse studente.
- Voorwaardes dieselfde as vir Universiteitslenings.

Gut (Felix en Christine Gut-beurslening)

Aansoek: www.mymaties.com

Waarde:

Wisselend van R1 000 tot R25 000, afgerond tot die naaste R500.

Besonderhede:

- Teologie en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.
- Lenings word toegestaan in die voorkeurrigtings onder dieselfde voorwaardes as die beursleningskema van die Universiteit Stellenbosch.

Helpmekaar Studielenings

Aansoek:

- Die Bestuurder, Helpmekaar-studiefonds, Posbus 1223, PAROW 7499.
- Aansoekvorms beskikbaar vanaf 1 Augustus of op www.helpmekaarfonds.org;
- Tel.: 021 930 8155

Sluitingsdatum: 30 September

Waarde:

Tot 'n maksimum van R50 000 per jaar, na gelang van die program

Besonderhede:

- Aan Afrikaanssprekende studente uit die Suid-, Wes-, Oos- en Noord-Kaap en KwaZulu-Natal.
- Suksesvolle studie kan tot beurse lei.
- Rente betaalbaar gedurende studie.

La Grange (Philip La Grange)

Wie kwalifiseer?

Aan behoefteige studente op grond van akademiese en sportprestasie

Aansoeke: www.mymaties.com

Waarde:

Wisselend tussen R1 000 en R25 000 per jaar volgens behoefté, afgerond tot die naaste R500.

Besonderhede:

- Enige studierigting.
- Beurslening, onder dieselfde voorwaardes en terugbetaling as die Universiteit Stellenbosch se beursleningskema

Mouton (Jannie Mouton)-beursleningfonds

Aansoeke: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Enige studierigting.
- Beurslenings (rentevry vir die duur van voorgraadse studie) aan verdienstelike en behoefteige voltydse voorgraadse studente.
- 50% van die lening word omgeskakel in 'n beurs indien 'n student 100% suksesvol studeer, d.w.s. 100% verwerf van die voorgeskrewe krediete van die vakke waarvoor hy vir die betrokke kalenderjaar geregistreer het.
- Vanaf die datum waarop 'n leninghouer die Universiteit verlaat of sy studies deeltyds alhier voortsit, sal hy rente op die uitstaande leningbedrag betaal teen die heersende prima rentekoers.

Namibië Staatsdiens

Aansoeke:

The Permanent Secretary, Ministry of Education, Namibia Student Financial Assistance Fund, PO Box 23053, WINDHOEK, Namibia, Tel.: 092 6461 270 6111 Faks: 092 6461 270 6122

Sluitingsdatum: 31 Oktober

Waarde: N\$16 500-N\$36 000

Besonderhede:

- Lenings vir 'n groot verskeidenheid studierigtigs aan Namibiese studente.
- Die aantal lenings in enige rigting word bepaal deur die Staatsdiens se behoefté aan opgeleide personeel in die betrokke rigting.
- Lenings is terugbetaalbaar na voltooiing van studie, ongeag of die beurshouer 'n betrekking in die Staatsdiens beklee.

NEDBANK

Aansoek:

Enige tak van Nedbank

Waarde:

- R12 000 (voorgraads). R6 000 (deeltyds) onderhandelbaar (nagraads).
- Rentekoers op versoek beskikbaar.

Besonderhede:

Studielenings word vanaf studente se eerste studiejaar volgens verdienste toegeken.

Neethling (Piet Neethling Opvoedkundige Trust-beurslening)

Aansoek: www.mymaties.com

Besonderhede:

- Enige studierigting.
- Aan studente op grond van behoeftigheid, leierskapspotensiaal, akademiese en sportprestasie.
- Kandidate se huistaal moet Afrikaans wees.
- Beurslening onder dieselfde voorwaardes en terugbetaling as die Universiteit Stellenbosch se beursleningskema.

Noordelike Helpmekaar-studiefonds

Aansoek:

- Die Bestuurder, Noordelike Helpmekaar- studiefonds, Posbus 91050, AUCKLAND-PARK 2006
- Enige navrae kan gerig word aan mev JF van der Westhuizen by telefoon 011 782 9160, daagliks tussen 08:00 en 13:00. E-pos: nhsfonds@mweb.co.za.

Besonderhede:

- Die Noordelike Helpmekaar-studiefonds stel jaarliks 'n aantal lenings beskikbaar aan Afrikaanssprekende studente wie se ouers in Gauteng, Noordwes, Mpumalanga en die Limpopo-provincie woon, met die voorwaarde dat hulle hul voorgraadse studie aan 'n Suid-Afrikaanse tersiêre instelling onderneem.
- Lenings vir nagraadse studie sal ook op meriete oorweeg word.
- Aansoekers word streng volgens bepaalde kriteria soos kredietwaardigheid en bevredigende vakprestasies gekeur.

Old Mutual leningsfonds

Aansoeke: www.mymaties.com

Waarde:

'n Bedrag wisselend vanaf R5000 tot R76 000 per jaar afhangende van behoefte.

Besonderhede:

- 'n Beperkte aantal lenings aan begaafde studente.
- Lenings rentevry vir die duur van die voorgraadse studie.
- Terugbetaling teen 6% rente per jaar.
- Beskikbaar vanaf die tweede studiejaar vir tydperk van voorgraadse studie.
- Moet jaarliks heraansoek doen.

Perold-Steiner-beursleningskema

Aansoeke: www.mymaties.com

Besonderhede:

- 'n Beperkte aantal beurslenings beskikbaar aan behoeftige en verdienstelike studente vir voor- of nagraadse studie in Wingerd- en/of Wynkunde.
- Voorwaardes en terugbetalings dieselfde as vir die Universiteit Stellenbosch-beurslening.
- Studente wat hul graad *cum laude* slaag, betaal geen rente nie en die lening word in 'n beurs omskep.
- Beskikbaar vanaf die tweede studiejaar.
- Daar moet jaarliks heraansoek gedoen word.

Departement Prosesingenieurswese (Chemies en Mineraal)

(Beursleningskema)

Aansoeke:

Voorsitter van die Departement Prosesingenieurswese, US

Waarde:

Wisselend volgens behoefte, afgerond tot die naaste R500

Besonderhede:

- Lenings (vir die duur van die studietylperk) met moontlike verdere belonings-meganismes t.o.v. prestasie aan verdienstelike en behoeftige voorgraadse studente in Prosesingenieurswese.
- 'n Student moet 'n borgakte van 'n aanvaarbare persoon verskaf.
- Volledige besonderhede is by die Voorsitter van die Departement Prosesingenieurswese verkrybaar.
- Hierdie beurslening word toegeken ooreenkomsdig die bepalings en voorwaardes soos deur die skenkers neergelê.

PSG Groep-beursleningskema

Aansoeke: www.mymaties.com

Sluitingsdatum:

31 Julie van die voorafgaande studiejaar

Besonderhede:

- Enige studierigting.
- Beurslenings word toegestaan aan behoeftige en verdienstelike voltydse voorgraadse studente (rentevry vir die duur van voorgraadse studie).
- 50% van die lening word omgeskakel in 'n beurs indien 'n student 100% suksesvol studeer, d.w.s. 100% verwerf van die voorgeskrewe krediete van die vakke waarvoor hy vir die betrokke kalenderjaar geregistreer het.
- Vanaf die datum waarop 'n leninghouer die Universiteit verlaat of sy studies deeltyds alhier voortsit, sal hy rente op die uitstaande leningbedrag betaal teen die heersende prima rentekoers.

Schumann (Wynnie Schumann-gedenklening)

Aansoeke:

VLV van Kaapland, Posbus 273, STELLENBOSCH 7599

Sluitingsdatum: 15 November

Besonderhede:

- Hierdie gedenkpenning is beskikbaar vir studie in enige rigting.
- VLV-lidmaatskap van die moeder/ouma is 'n vereiste.

Standard Bank

Aansoeke:

Die Bestuurder, Standard Bank, Winkel 907, Langenhoven-studentesentrum, Victoriastraat, STELLENBOSCH 7600; Tel.: 021 808 6362

Waarde:

Skakel of spreek die Standard Bank vir meer besonderhede.

Besonderhede:

Lenings vir voltydse en deeltydse studente is beskikbaar teen gunstige rentekoerse.

Transnet-beursleningskema

Aansoeke: www.mymaties.com

Waarde:

'n Bedrag wisselend van R1 000 tot R25 000 per jaar afhangende van behoefte, afgerond tot die naaste R500

Besonderhede:

- 'n Beperkte aantal lenings aan behoeftige studente.
- Voorwaardes en terugbetaalings dieselfde as vir die Universiteit Stellenbosch se beursleningskema.
- Beskikbaar vanaf die tweede studiejaar vir 'n tydperk van voorgraadse studie.
- Moet jaarliks heraansoek doen.

Uys (Glen Uys)

Aansoek:

VLV van Kaapland, Posbus 273, STELLENBOSCH 7599

Sluitingsdatum: 15 November

Besonderhede:

- Enige studierigting.
- VLV-lidmaatskap van die moeder/ouma is 'n vereiste.

Van der Walt (CTJ van der Walt-beursleningskema)

Aansoek: www.mymaties.com

Waarde:

R1 000 tot R25 000 per jaar volgens behoefté, afgerond tot die naaste R500

Besonderhede:

- Enige rigting.
- Beurslenings aan studente, onder dieselfde voorwaardes en bepalings as die beursleningskema van die Universiteit Stellenbosch.

VLVK (Vrouelandbouvereniging van Kaapland-landbounavorsingslening)

Aansoek:

VLVK, Dorpstraat 126, STELLENBOSCH 7600

Sluitingsdatum: 15 November

Waarde: R10 000

Besonderhede:

- 'n Navorsingslening vir 'n voltydse magister- of doktorale student in enige rigting in die AgriWetenskappe.
- Indien 'n studieprogram nie voltooi word nie, of vordering nie bevredigend is nie, moet die lening plus rente teen die bepaalde rentekoers onmiddellik ten volle terugbetaal word.
- Lenings plus rente is terugbetaalbaar ná voltooiing van studie oor dieselfde aantal jare as waarvoor lenings aangevra is.

PRYSE, TROFEEË, SKILDE, SABEL EN BEKERS

Daar is verskeie belonings vir studente wat in hul onderskeie fakulteite en departemente uitblink. Hierdie belonings word deur fakulteite, departemente of privaat instansies uitgereik en studente kan nie daarvoor aansoek doen nie.

1. FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

Antieke Kulture

PJ Conradie:

'n Prys van R300 vir die aankoop van boeke aan die beste derdejaarstudent.

Antieke Studie

Bybelse Hebreeus

Pryse vir die aankoop van boeke aan:

- Die beste tweedejaarstudent (R200)
- Die beste derdejaarstudent (R300)

Filosofie, Opvoedkunde en Regsgeleerdheid

Visser-prys:

Ongeveer R300 vir die beste prestasie.

Geografie en Omgewingstudie

WA Nieman-prys:

- 'n Meritetoeckening aan die honneursstudent in Geografie en Omgewingstudie wat die beste navorsingsverslag inlewer.
- Die beoordeling word gedoen deur dosente van die Departement.

Geskiedenis

CJ Rhodes-prys:

'n Prys van ten minste R3 000 vir voortreflike prestasie in Geskiedenis oor minstens 4 jaar.

Joernalistiek

Car-prys:

'n Stel woordeboeke deur Ramsay Media, vir die BPhil-topstudent (aanwysing in Februarie; oorhandiging in Maart).

PJ Cillié-prys:

- 'n Prys van R2 000 aan die BPhil-student wat jaarliks die beste presteer in uitnemende formulering.
- Die beoordeling word jaarliks gedoen deur die dosente in die departement.

George Claasen Darwin-prys:

- 'n Boekprys aan 'n BPhil-student wat kritiese denke openbaar.
- Die beoordeling word jaarliks deur die dosente in die departement gedoen.

Rowland Hill-prys:

'n Goue pen aan die BPhil-student – *primus inter pares* – wat deur die dosente aangewys word (Aanwysing in Februarie; oorhandiging in Maart).

MPhil Goue Pen:

'n Goue pen aan die MPhil-student wat die jaar se toppresteerd is.

ORMS-prys vir Fotografie:

'n Kamera aan die BPhil-student met die beste fotoportefeuilje (aanwysing in Februarie deur personeel; oorhandiging in Maart).

Ton Vosloo-prys:

